



**Gemeente:
Kuite bult en
speke sing vir
Bybels.
– Bl 14**

**Erica Wessels:
Haar lewe is
besig en vol. “En
kleurvol,” vertel
sy. – Bl 17**



KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

18 September 2020

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Deel 205 – Nummer 5

Student sterf met droom net om die draai

MARLI VAN EEDEN

Onselfsugtige omgee-mens, iemand wat altyd reggestaan het om sy gemeenskap te dien. 'n Man van God.

Só sal sersant Ghirshwin Reagan Muller onthou word. Die polisieman wat 'n dominee wou word.

Huldeblyke het onlangs ingestroom vir die 39-jarige wat in Augustus in Paarl Medi-Clinic oorlede is. Hy is einde Julie in die hospitaal opgeneem waar hy dapper teen Covid-19 geveg het.

Muller, die pa van vier minderjarige kinders, is oorspronklik van Porterville, maar woon die laaste aantal jare in Piketberg saam met sy vrou Maritza. Hy het op Voorberg grootgeword en aan Roodezandt Sekondêr in Saron gematrikuleer. Hy het by die polisie aangesluit omdat hy sy gemeenskap wou dien, maar sy eintlike droom was om 'n dominee te word.

Muller het in 2015 met sy studies in Teologie aan die Universiteit Stellenbosch begin. In sy vrye tyd het hy

gewerk om sy studies te befonds en om 'n geldjie aan sy gesin te stuur. Hy het enige werk gedoen wat hy kon kry. Hy het onder andere as veiligheidswag gewerk en ook by die nagskuiling op Stellenbosch. Maritza vertel hoe hy dwarsdeur die nag sou werk om geld te verdien en dan bedags sou klas loop – vasbeslote om sy droom te bewaarheid. Hy het later ook weer by die polisie aangesluit.

In Desember 2018 het Muller 'n BTh-graad behaal en hy was besig met 'n nagraadse diploma in Teologie terwyl hy vier skofte per week as polisiebeampte op Piketberg gewerk het.

Op daardie punt was sy plan om 'n leraar in die VGK te word “binne bereik, ondanks jare se akademiese en finansiële uitdagings en vele opofferings deur sy familie,” luidens 'n verklaring deur Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Teologie.

Ray van Rooy, raadsheer van die Bergrivier-munisipaliteit, en jarelange vriend van Muller, sê Muller se dood is 'n groot skok vir die gemeenskap waar hy op talle plekke betrokke was. “By gemeenskapsgeleenthede was hy seremoniemeester, of by ons Kersete vir senior burgers en ook vir kinders, was hy selfs ons Kersvader. Hy was ook betrokke by 'n skoolskoene-projek, waar hy besig-hede genader het vir donasies, en dan skoolskoene aan kinders van die plaaslike skole geskenk het,” vertel Van Rooy.

Generaal-majoor Jeremy Vearey, hoof van die speurders in die Wes-Kaap, het Muller 'n ware dienskneg van die mense genoem. “Hamba kahle, Ghirshwin Reagan Muller, 'n waardige vegter



Digiklesia?

Wanneer gelowiges praat oor aanlynbediening kom ons heel gereeld by die vraag of aanlynkerk nou regtig kerk kan wees? En die maklikste antwoord is sekerlik: Nee! Hoe kan ons gemeenskap van gelowiges om die Woord van God en onder die weerklank van ons lofliedere nou vervang met alleen sit voor 'n skerm? – Bl 12-13

Foto: Robert Cable



Ghirshwin Reagan Muller. Foto via Facebook

in blou wat elke dag pligsgetrou teen die dood van die lig geveg het,” het Vearey op Facebook geskryf.


Ghirshwin en Maritza het mekaar destyds ontmoet toe Maritza as 'n student-konstabel by Piketberg se polisie-stasie aangesluit het. “Ghirshwin was werklik 'n besondere man. Hy het 'n inspirerende en merkwaardige lewe ge-

lei,” vertel Maritza.

“Ek het deur 'n rowwe tyd gegaan en hy is die enigste een wat iets opgetel het. Dis waar ons vriendskap begin het. Ons het saam Bybelstudie gedoen en op ons knieë gegaan en saam gebid. Hy het my in my geloof laat groei.

“Hy wou sien hoe mense hulle po-

Vervolg op bl 4



Spesiale aanbod vir gemeentes en Bybelstudiegroepe

Normale
prys:
R215

Koop
5 boeke
en kry
1 gratis!

Bestel *Uit die Beek 2021* voor 30 Oktober om dit teen die spesiale prys aan te koop.

Uit die Beek 2021 lui 'n nuwe reeks van hierdie klassieke Bybeldagboek in. Die oogmerk is om die Bybel in die volgende klompie jare deur te lees. Vanjaar verskyn *Uit die Beek* weer uit die pen van die bekroonde skrywer Barend Vos.

Koop 5 boeke en kry een gratis!

Die goeie nuus vir gemeentes is dat Bybel-Media hierdie gewilde Bybeldagboek met 'n uitstekende afslag aanbied. **Koop 5 dagboeke en kry die 6de een gratis!**

Adverteer hierdie aanbod in jou gemeente en moedig jou gemeentelede aan om hierdie geestelike toerusting in 2021 te gebruik.

Bestel dadelik om te verseker dat jy *Uit die Beek 2021* ontvang.



Die leraarspan van NG gemeente Gansbaai vergader met die geregistreerde terapeute in die nuwe terapie- en observasiekamer wat op die gemeente se perseel ingerig is. Die gemeente, wat staatmaak op die hulp van vrywillige geregistreerde terapeute, wil hulle roeping uitleef deur 'n hawe van God se genade vir die breër gemeenskap van Gansbaai te wees. Op die foto vergader ds Willie Kotze (heel regs), dr Lisel Joubert (links van hom), Judith Booysen, maatskaplike werker (in die middel), Riana van Vuuren, maatskaplike werker van Badisa (voor links) en Lishje Els, opvoedkundige sielkundige (regs van haar). Foto: Hanri Joubert

Gansbaai-gemeente gryp in by trauma Agter eenrigtingglas

JACOBIE M HELENA

“Die terapie-kamer is wow! Dit is die ligpunt van my week.”

Só sê Riana van Vuuren, maatskaplike werker van Badisa, oor die terapie- en observasiekamer wat die NG gemeente Gansbaai op hulle kerkterrein ontwikkel het. Die kamer word deur geregistreerde terapeute gebruik om hulle liefde vir kinders uit te leef.

Ds Hanri Joubert, leraar by NG gemeente Gansbaai vertel dat die leraarspan geskok was om te hoor van die trauma wat in die Gansbaai-gemeenskap, veral deur kinders, ervaar word. Die leraars het vir mekaar gevra wat hulle kan doen om dié probleem aan te spreek. Joubert vertel: “Ons het 'n gesprek gereël met terapeute in die omgewing en dit het geblyk dat daar 'n groot behoefte aan 'n observasiekamer is. 'n Obversasiekamer is 'n lokaal met eenrigtingglas waar terapeute slagoffers van 'n afstand kan observeer. Speltherapeute kan byvoorbeeld vir kinders 'n speletjie laat speel en dan ongesiens kyk hoe die kind die speletjie benader. Ons gemeente het besef ons kan in hierdie behoefte voorsien en het die een kate-geselokaal in 'n observasiekamer omskep,” vertel Joubert.

Van Vuuren, wat byna aftree na 'n lang loopbaan in die maatskaplike sektor, het die behoefte vir die kamer geïdentifiseer. Sy brei uit: “Hierdie is

persoonlik. Kinders is my passie en ek het altyd gewonder hoekom die Here my Gansbaai toe gestuur het. Maar hiër by die terapie-kamer kan ek my passie vir kinders uitleef. Ek doen meestal spel- en gesinsterapie, waar ek ontoreikende ouers leer om beter ouers te wees. My betrokkenheid by die observasie- en terapie-kamer is wow! Dit is die ligpunt van my week,” vertel Van Vuuren opgewonde.

Die observasiekamer word in samewerking met Badisa bestuur wat die kamer se dagboek administreer. Joubert herinner dat die gemeente se enigste vereiste vir die kamer is dat slegs geregistreerde terapeute hulle dienste by die kamer mag aanbied.

Hy vertel dat die kamer deel van die gemeente se groter visie is: “Dié kamer is deel van 'n groter beweging in Gansbaai-gemeente waar ons ernstige vrae vra oor kerkwees.” Joubert brei uit: “Wanneer 'n mens weer opnuut nadink oor die identiteit van jou gemeente is dit baie maklik om vas te val in teologiese gesprekke oor kerkwees sonder dat dit jou aanraak. Ons het onself gevra wie is ons in die Gansbaai-gemeenskap? Is ons regtig kerk as ons nie in die breër gemeenskap betrokke is nie? En hierdie kamer is vir ons 'n eerste tree op 'n onbekende pad waar ons werklik, soos ons leuse lui, “n hawe van God se genade” vir stukkende mense kan wees om heel te kom word.

'n Laingsburg-lidmaat vertel Getroos maar ook gedaag by inrydiens

ELEANOR BOTES

Soos die eerste volgelinge van Jesus Christus, het gemeentelede van die NG Kerk Laingsburg op die sonnige lenteoggend van 23 Augustus 2020 'n entjie uit die dorp uit, tussen klipbanke en doringbome, bymekaargekom om 'n kerkdiens te hou. Dit was nie om van 'n vyand weg te kom nie, maar van 'n virus. Elkeen het in 'n voertuig bly sit, met 'n masker aan, Bybel en liedboek byderhand en dankoffer netjies vasgeplak in 'n koevert of sakkie.

Na vyf maande was daar groot blydschap om mekaar weer te sien en te weet dat hulle kon saambid, saamsing, uit die Woord lees, en met aandag luister na hulle dominee Mias Nortier wat in gemaklike klere onder 'n doringboom gestaan het. Op 'n klein kamptafeltjie wat pas by die omgewing het hy sy toerusting geplaas, onder andere 'n klanktoestel wat uitstekend gewerk het.

Dit was 'n gewyde oomblik toe ds Nortier voorgaan met gebed, in die teenwoordigheid van die Here, daar waar sy mense gekom het om Hom te aanbid.

So is die gelykenis van die saaiër uit Markus 4 gebring, en om die boodskap te beklemtoon het Nortier 'n handvol saad op die grond voor hom uitgesaai. Vooraf het hy 'n klein stukkie grond met 'n grafie bewerk. Hierop het saad geval, asook op die klipperige grond, tussen die onkruid, en op die harde pad.

Gemeentelede is herinner aan die uitwerking van inperkings, onder andere geestelike beperkings, wat elke

mens ervaar. Dit is Jesus self wat 'n mens help om weer die regte fokuspunt te kry en te verseker dat die saad van die evangelie in sy hart op “goeie grond” val om 'n rekordoes in te bring. Almal is huis toe gestuur om oor drie stellings te dink in die komende week:

- Ek glo volkome in God ... totdat die storms van die lewe oor my kom.

- Ek hou daarvan om gemaklik te wees ... God moenie goed van my vra waarvan ek nie hou nie.

- Ek is lief vir God met my hele hart ... maar Hy moenie verwag dat ek my naaste liefhê nie.

► Eleanor Botes is 'n lidmaat en het hierdie vertelling met Kerkbode gedeel in die lig van die koerant se uitnodiging aan lesers om stories en getuienisse uit hulle kontrei te stuur. – Red



Ds Mias Nortier by sy “kansel” en die gemeente in die ad hoc gestoeltes.

Foto: Eleanor Botes

Korrupsie: Kerk kan nie langer swyg, meen moderator

“Daar is nou geleenthede vir die kerk om leiding te neem en op te staan en te sê: ‘Ons is moeg vir integriteitsloosheid. Ons is moeg vir korrupsie.’”

Só het ds Nelis Janse van Rensburg in 'n onderhoud met Lizelle de Bruin op Sondag 6 September tydens die Sondagjoernaalprogram op RSG gesê.

Die burgerlike samelewing moenie net van 'n afstand af skree nie, het die moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk gesê.

De Bruin het met Janse van Rensburg oor die NG Kerk se betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) gesels. Die SARK het 'n lang geskiedenis van protes teen magsmisbruik, het Janse van Rensburg verduidelik. “In 2017 met die staatskapingveldtog het die SARK 'n baie sterk rol gespeel. Die SARK se verklaring het 'n geweldige impak op die situasie met die staatskaping ge-

had en die SARK is nou weer daar. Kerkleiers voel dat dit nou weer tyd is vir aksie. Op 29 Julie vanjaar het die SARK 'n baie sterk bewoorde verklaring uitgereik en gesê dat dit nie langer so kan aangaan nie en 'n beroep op president Cyril Ramaphosa gedoen om aksie te neem,” het Janse van Rensburg gesê.

Hy het vertel dat die SARK verder leiding geneem het en op 24 Augustus saam met nie-regeringsorganisasies soos die Ahmed Kathrada-stigting, Desmond en Leah Tutu-erfenisstigting, Nelson Mandela-stigting 'n aantal ANC-leiers gaan sien het en tydens die gesprek baie druk op die party geplaas het om tot aksie oor te gaan.

“Die kerk in ons land moet sterk leiding neem deur op te staan en die kwessie van integriteit op elke agenda te plaas.” – Jacobie M Helena

● Lees die volledige verklaring deur die NG Kerk op bl 18.

Van bl 1

tensiaal bereik. Hy is gereeld gevra om mense aan te moedig en te motiveer. Dit is wat vir my uitstaan. Een van sy goeie vriende op die dorp, André Somers, het hom eendag gevra om sy krieketspan moed in te praat omdat hulle in wedstryde gesukkel het. André sê toe: 'Meneer jy sal moet kom praat, my krieketspan verloor wedstryd na wedstryd, daar is fout, jy sal moet kom motiveer.' Ghirshwin vra hulle toe om hom by die begraafplaas te ontmoet. André was maar skepties, want wat soek hulle nou hier?

"Daar gekom vra Ghirshwin toe die span wat hulle op die grafstene sien. Almal antwoord maar die naam en van van die oorledene, die datum wat hy gebore is en gesterf het, en dalk 'n kort boodskappie. 'Dis reg,' het Ghirshwin gesê, 'en wat is die belangrikste gedeelte wat uitstaan op daai steen? Al wat belangrik is op daai steen, is daai klein dash, daai klein strepie tussen die geboortedatum en sterftedatum, want dit verteenwoordig jou lewe. Dit is die kleinste merk op die grafsteen, maar dit dra die meeste gewig. Wat jy doen van die dag wat jy gebore is tot die dag wat jy sterf is wat saak maak. Al kry daai strepie nie baie erkenning op 'n grafsteen nie, dis al wat tel.'

En dit was Ghirshwin, iemand wat sy lewe voluit en met betekenis geleef het.

"Daar het een nag 'n mamma met 'n dogtertjie by ons deur kom klop," vertel Maritza bewoë. "Sy wou net 'n brood gehad het. Hulle was honger, dit was winter en koud. Die volgende oggend toe ek by die huis kom na ek nagskof gewerk het, het Ghirshwin vir my gesê: 'My vrou, ek wil vir jou iets vertel, maar jy moet nou nie kwaad wees nie.' En hy vertel van die dame en hoe hy vir haar sê: 'My suster kom in, vanaand seën ek jou.' Hy het toe vir haar 'n pak suiker, melk, pap, rys, pasta en dies meer gegee. Ons spens was leeg en ek moes die koskas weer aanvul," lag sy.

"Dis Ghirshwin, hy het nooit gekroom om te help nie. Hy het geglo wat jy vir ander doen kom dubbel terug na jouself. Móre sorg vir homself."



Ghirshwin en sy vrou Maritza.

Foto via Facebook

Chirurg geroep om te dien

JACOBIE M HELENA

"As die Here jou roep, moet jy nie ongeduldig raak nie."

Só verduidelik dr Lizann Victor, algemene chirurg by die Karl Bremer-staats-hospitaal in Bellville, oor hoe die Here haar geroep het om die Daisy-projek, 'n organisasie sonder winsbejag, saam met haar man en twee vriende in Junie 2018 te stig. Die organisasie dien die hospitaal op uiteenlopende wyses, van elektiewe chirurgie tot tuinwerk. Dit het deursettingsvermoë gekos om hierdie punt te bereik, vertel sy. En al is deure vele keer in haar gesig toegemaak, het sy geleer dat God mense voorberei. As hulle die eerste keer "nee" gesê het, beteken dit nie dat hulle nie die derde of vyfde keer "ja" kan sê nie, sê sy.

"Ek kom uit 'n sending- en evangelisasiehuis," vertel Victor, steeds in haar vlootblou scrubs en bont scrub-cap geklee na sy pas met 'n operasie klaargemaak het, aan *Kerkbode* tydens 'n Zoom-onderhoud. "My ma en pa is albei voorbeelde van mense wat vir die Here en vir mense lief is en wat hulle lewe daarvoor opgeoffer het. My pa, Pietie Victor, was 'n NG predikant wat in die middel-1960's Straatwerk in die middestad van Kaapstad gestig het. Hy is in 2003 in Durbanville vermoor toe hy die buurvrou tydens 'n huisroof wou help. Juis oor ek uit só 'n huis kom, was die idee van roeping nog altyd vir my belangrik. Ek glo ek is geroep om 'n dokter te wees. Maar ook dat elke beroep 'n roeping is. Of jy nou 'n onderwyser, skoonmaker of petroljoggie is, jy is geroep waar jy die Here se koninkryk laat kom," verduidelik Victor.

Victor vertel die spesiale storie van hoe God haar roeping as dokter bevestig het. Toe sy op skool was moes sy tussen argitektuur, medies of ingenieurswese as studierigting kies. Sy het vir haarself gesê sy sal eerste vir medies aansoek doen omdat dit 'n keuringskursus is. Sy vertel verder: "Ek het gehoor ek het keuring gekry en daardie tyd moes jy 'n deposito van R400 betaal. Twee verskillende mense het op daardie stadium na my gekom en gesê hulle het by die Here gehoor dat hulle vir my R200 vir my studies moet gee. Dit was vir my 'n bevestiging van my roeping as dokter," sê sy.

Sy beskou haarself as 'n Jack of all trades omdat sy van verskeidenheid hou. "Dit is seker hoekom ek dit so geniet om 'n algemene chirurg te wees, want 'n mens het die geleentheid om 'n bietjie van alles te doen. Bietjie galblaas, bietjie trauma, bietjie kolon, bietjie onkologie ensovoorts," verduidelik sy met handgebare.

En toe kry ek onverwags Covid-19 ...

Victor vertel dat daar by die hospitaal 'n groot afwagting vir die Covid-storm was. Die personeel het tydens die in-



Dr Lizann Victor, algemene chirurg by die Karl Bremer-hospitaal in Bellville, leef haar roeping by die hospitaal met vreugde uit. Sy vertel dat sy as dokter geroep is om soos 'n daisy eenvoudige, maar besonderse werk in die Here se koninkryk te doen.

perkingstyd hulle voorberei vir wat op pad is. Hulle moes hulle kop opnuut instel oor hoe chirurgie anders gaan lyk, want skielik moet hulle anders as ooit tevore in die hospitaal funksioneer. Daar was streng nuwe maatreëls wat hulle in plek moes kry. Hulle kon ook nie meer pasiënte in persoon sien nie, so hulle moes telefonies met die pasiënte in verbinding tree. Maar, vertel Victor, hulle was so reg as kan kom.

En toe word sy self siek. Covid-19. "Dit was vir my ongelooflik erg. Ek het aanvanklik nie gedink ek het Covid nie, maar ek moes myself laat toets. Ek kon

nie meer die vormpie invul met geen ticks by die lys van simptome nie. Dit was vir my 'n geweldige skok. Ek het snot en tranes gesit en huil en was ongelooflik onseker. Op daardie stadium was al die mense wat ek geken het wat Covid gehad het regtig siek. Die suster wat ek van Tygerberg-hospitaal af geken het, is oorlede. Hier is van die personelede in die hospitaal oorlede. Jy het daardie geweldige vrees dat hierdie dalk nou die einde is. Ek moet sê dit was vir my werklik 'n geestelike ervaring," verduidelik sy.

Sy vertel dat sy gedink het sy kan doodgaan. Sy het haar testament in orde gekry. Covid was vir haar 'n werklikheid. Sy verduidelik hoe sy vir die Here gevra het hoekom sy dit gekry het. Sy vertel dat dit tydens die isolasie vir haar besonders was om te weet dat al is sy geïsoleer, is sy nie alleen nie. Sy vertel van God se tasbare teenwoordigheid een aand tydens haar isolasieperiode. "Die een aand wat ek met die Here geworstel het, het Hy dit so duidelik gemaak dat Hy hier is en dat die engele my omring. God het my verseker dat Hy my alles sal gee wat ek nodig het om hierdeur te kom. Watter kant toe ook al, maar dat Hy ook na my mense sal kyk. Dit was vir my 'n baie definitiewe geloofsoomblik," getuig Victor.

Die Daisy-projek: Hiér dien ons

Die Daisy-projek fasiliteer vrywilligers om die pasiënte en personeel van die Karl Bremer-staats-hospitaal in Bellville deur 'n reeks projekte te ondersteun. Die "Daisies" het in 2018 afgeskop met die eerste Daisy-dag waar chirurgie hulle tyd en vaardighede gegee het om elektiewe chirurgiese operasies op pasiënte te doen wat tot twee jaar moet wag om operasies te ontvang. Die Daisy-projek administreer 'n ekstra chirurgielys om dié pasiënte te opereer. Maar, herinner Victor, die hospitaal het ook in die projek ingekoop en voorsien die dokters van beddens en toerusting om die operasies te kan doen. Hulle betaal die susters wat dié Saterdag by die operasies betrokke is.

Victor vertel dat hulle sedert die eerste Daisy-dag 129 operasies gedoen het en al tot 60 vrywilligers op 'n Saterdag verwelkom het. Sy sê dat hulle saam met die hospitaal werk om in die behoeftes van die pasiënte en personeel te voorsien. "Behalwe vir die geld wat ons insamel om van die projekte te finansier, wil ons 'n platform skep waar mense uit die gemeenskap met hulle gawes kan dien. Tydens die Daisy-dae het vrywilligers al in die hospitaal se tuine gewerk en nuwe plante geplant, die kindersaal geverf of met data-insameling in die rekordsafdeling gehelp. Die projekte is baie divers en ge-

baseer op die behoeftes wat in die hospitaal is," vertel Victor.

Sy sê dat alhoewel die laaste Daisy-dag op 14 Maart weens die Covid-ontwrigting plaasgevind het, het die organisasie steeds voortgegaan om behoeftes in die hospitaal aan te spreek. "Die grootste behoefte aan die begin van die inperking was om die personeel en pasiënte van persoonlike beskermingstoerusting te voorsien. Ons kon in die Covid-tyd tot 900 visors aan die hospitaal skenk. Verder het organisasies koekies geskenk wat ons aan die personeel kon uitdeel. Die Daily Coffee Shop het elke Vrydag 'n 'Frontliner-Friday' gehou en vir die personeel koffie gebring. Wat vir my die kosbaarste is, is om vir verskillende personelede die geleentheid te gee om die koekies of koffie uit te deel. Dit is ongelooflik watter positiewe invloed die uitdeel op die individue het," vertel Victor.

En vanwaar die naam Daisy-projek? "My pa het altyd 'n storie vertel dat 'n madeliefie (daisy) 'n eenvoudige blom is wat eintlik die heelyd misgekyk word. Maar as jy na die daisy op 'n ander manier kyk word dit 'n besonderse blom. Die hele gedagte is dat ons gewone mense is wat iets besonder vir ander met ons gawes kan doen. Dat eenvoudige goed, soos 'n daisy, 'n besonderse impak kan hê," vertel Victor glimlaggend.



Jaco Strydom gesels met JOHRNÉ VAN HUYSTEEN

Binne en buite die kerk

Die NG dominee het sy pa gebel en gesê hy wil hom sien, sy seun vra allerhande vrae en is by snaakse goed betrokke.

“My pa het gesê, ten minste lees hy die Bybel en doen hy nie dwelms nie. Die dominee se antwoord was dat dié dinge waarby sy seun nou betrokke is, veel erger is as dwelms.” Johné lag terwyl hy die storie vertel en voeg dan by: “Toe join ek die Happy-Clappies!”

Hy was om een of ander rede daai tyd kwaad vir die Doppers en het besluit om in te skakel by die belydenisklas van die NG Kerk op die dorp. Dit alles het gebeur in sy matriekjaar, die jaar waarin sy lewe letterlik oornag verander het.

Johné sê hy het een aand wakker gelê en vir die Here gesê as Hy bestaan wil hy wêét Hy bestaan. “Niks weirds het gebeur nie, ek het net die volgende oggend wakker geword en dit was asof ek vir die eerste keer die voëltjies kon hoor sing. En toe is als anders, ek het letterlik gesprong van Pink Floyd na Carmen!”

Na skool studeer Johné teologie vir vier jaar by ’n Charismatiese gemeente in Bloemfontein. “Wat ’n disaster,” sê hy.

Daarna kry hy ’n beurs om sy honneurs by prof Fika van Rensburg by die Gereformeerdes in Potchefstroom te doen en later ook sy meestersgraad in Praktiese teologie.

Die aanvanklike tema van sy meestersgraad sou handel oor homoseksualisme, maar toe doen hy ’n kursus in speltherapie by Tuks en besluit om eerder te fokus op ’n speltherapie-model vir volwassenes.

“Ek was die laaste 20 jaar nooit weer

deel van ’n kerk nie,” sê Johné. Maar hy is minder krities as vroeër. Vandag het hy byvoorbeeld nuwe waardering vir hoe baie die NG Kerk destyds vir sy ouma en ’n klomp ander mense beteken het.

Johné sê in sy oë is al die kerke eintlik maar dieselfde, of dit nou Gereformeerd, Charismaties of Katoliek is. Hy wens net elke groep wil eerlik wees en ophou maak of hulle die volle waarheid bemeester het. Al wat belangrik is, is dat mense Jesus se boodskap hoor.

Deesdae is hy betrokke by Ekerk waar hy elke tweede week ’n digitale praatjie genaamd “Johné gesels” opneem oor aktuele onderwerpe. Iets wat hy baie geniet.

’n Kerk-ervaring wat ’n groot indruk op hom gemaak het was by ’n gemeente op ’n plaas buite Robertson in die Wes-Kaap wat funksioneer onder die Ortodokse Patriargaat Alexandrië.

Johné en die filmspan van DeKat TV het ’n paar jaar gelede ’n onderhoud gevoer met Vader Zacharias van Wyk en ’n erediens in die Afrikaanse Ortodokse bedehuis verfilm.

Na die tyd toe hulle terugry was dit doodstil in die kar. Na ’n lang ruk verbreek Johné die stilte en sê vir die filmspan: “Guys, I don’t know what I’m feeling, but I’ve never felt like this in twenty years.” Die kameraman wat agnosties is, het gesê: “I can’t describe this feeling,” waarna die ander ou, ’n totale ateïs, opmerk: “I’m totally not a believer, but I felt something I never knew I could feel.”

Verlede jaar kuier ek self een oggend by Vader Zacharias op Robertson. Ek vertel hom die storie – Johné het dit vir

my een keer by ’n braai vertel.

Ja, sê Vader Zacharias, dit was ’n gawe klomp mense, die mense van DeKat TV, maar hy kan nou nie dink dat dit soveel vir hulle kon beteken nie. Dit was maar ’n doodgewone diens.

Ek en Johné gesels oor die nuwe honger vandag oral in die kerk en samelewing na mistiese belewenisse, ’n spiritualiteit wat nie bloot poog om God te verklaar of te beskryf nie, maar om Hom te beleef, en ek onthou die woorde van die Duitse teoloog Karl Rahner: “The Christian of the future will be a mystic or he will not exist at all.”

Johné en sy vrou Alet woon in Sunnyside in Pretoria. ’n Paar jaar gelede was daar ’n rooftog terwyl ’n paar vriende by hulle gekuier het. “Dit neuk vir jou op six-love!” probeer Johné die angs wat hulle beleef het verwoord.

Waarom trek julle nie? vra ek.

Hulle bly te lekker. Hy moes homself herinner dat, in hierdie land waar die regses dikwels ’n karikatuur van sekere mensegroepe as ’n geheel maak, sy swart buurman ook ’n slagoffer van misdaad is. Hy is ’n wonderlike man en hulle almal het saam planne gemaak om die sekuriteit beter te maak na die rooftog. Ook ’n Nigeriër in hulle straat wat al baie gedoen het om die plek op te hef, het baie moeite gedoen. Johné praat met die grootste respek en lof van hom.

“Mense judge die woord ‘Nigeriër’ onmiddellik, maar het nog nooit met een gepraat nie, nog nooit eens uitgereik nie,” sê Johné. Hy wens mense wil meer moeite doen om mekaar regtig te leer ken.

Johné is een van daai mense wat ’n



Johné van Huyssteen

ongelooflike klomp lewe in ’n paar jaar inpak. Hy het al meer as 5 000 onderhoude op radio en TV met mense gevoer en hoop om binnekort ook betrokke te wees by die produksiekant van programme vir kykNET en Netflix.

Wanneer hoor ons weer vir Ddisselblom? vra ek.

Hulle hoop om te begin met ’n opelugkonsert in Clarens sodra die Corona-ding verby is.

Johné se oë blink as hy praat oor Clarens. Hy en Alet het ’n beautiful vakansiehuis teen die kant van die dorp. Hulle het hulle hart verloor op die plek. As hulle daar is swem Johné graag in die mooi damme met die skoon water tussen die berge – behalwe natuurlik in die winter.

Van kleins af is hy erg bewus daarvan dat die lewe kort is. “Ek het al met die Here onderhandel, ek wil ten minste net vyf en sewentig haal. Jy weet, met wat ek tot nou toe ervaar het, kan jy dink hoe amazing gaan die volgende dertig jaar wees!”

Lentekonferensie: ‘Zoom skep nou meer sitplekke’

Temas uit die Ou en Nuwe Testament asook kwessies soos evolusie, spiritualiteit, grondhervorming en kerkwees in ’n post-Covid-wêreld sal bespreek word by vanjaar se Lentekonferensie wat – ja, jy’t reg geraai – via Zoom plaasvind van 14 tot 18 September.

Die inhoud sal ook later aanlyn beskikbaar wees, vertel dr André Bartlett, hoof van Excelsus, ’n bedieningsentrum verbonde aan die Universiteit van Pretoria se Fakulteit Teologie.

Voorafopnames van die sprekers se sessies het reeds vroeg September afgeskop. Vanjaar se tema is ’n *Roete-kaart: Van wond tot verwondering*. Dit gee volgens Bartlett aan die een kant uitdrukking aan “ons beleving dat ons ons in vele opsigte in ’n verwonde samelewing bevind. Aan die ander kant verwoord dit ons geloofsoortuiging dat ons altyd weer verwonderd

kan staan voor die werklikheid dat God steeds by ons teenwoordig is en ons in staat stel om ’n betekenisvolle bydrae in ons samelewing te lewer.”

Die hoofsprekers is die oud-politikus dr Leon Wessels, Kabous Meiring, aanbieder van *Prontuit*, ’n program oor sosiale en kultuurkwessies op kykNET en Ivor Swartz, ’n leraar by NG gemeente Oosterlig en skrywer van die onlangs gepubliseerde *Die verlore seun vannie Gaatjie*.

Die doel met kursusse soos hierdie jaarlikse byeenkoms is om bedieningsvaardigheid, bedieningsvreugde en bedieningsbevoegdheid te bevorder in die NG Kerk.

- Belangstellendes kan die aanlyn-inskrywingsvorm op Excelsus se webwerf aflaai en *Kerkbode* dophou vir stories oor die kongres.
- Die inskrywingsfooi beloop R290,00 per persoon.



Die jaarlikse Lentekonferensie vind vanjaar van 14-18 September via Zoom plaas, volgens dr André Bartlett, hoof van Excelsus. Voorafopnames van die sprekers se sessies het reeds vroeg September afgeskop, soos hier met een van die hoofsprekers, Kabous Meiring, die aanbieder van *Prontuit*. Foto: Via Facebook

Annus horribilis én mooiste maand

In ons skryfkompetisie (sien bl 9) nooi ons lesers uit om oor enige van drie onderwerpe te skryf. Een van die kategorieë heet: 2020: *Insigte uit 'n annus horribilis*. “Annus watse ding?” vra 'n oorbluffte kollega toe ons dit breinstorm. “'n Merkwaardig slegte jaar, kan 'n mens seker eerder sê ... maar kom ons kyk of dit help om ten minste daardie effens voorspelbare plakker op 2020 se voorkop te plak. Vatso!

'n Onverwagse goue draad span deur 'n paar onlangse *Kerkbode*-bydraes: Hondeliefde. Dit het begin by 'n rubriek van Dana Snyman wat die leser so inlei: “En nou is Kleintjie ook weg. Nou het ek net twee honde oor. Vlooi en Blackie.”

Kleintjie was, so vertel Dana, onseker van haarself en “het knaend na jou toe gekom en haar neus teen jou kom druk. Dan moes jy haar eers oor die kop vryf dat sy veilig op aarde voel.” Wat 'n mooi beeld!

Dan deel Fanie Cronjé 'n fassinerende brokkie uit die verre verlede: Honde se instinktiewe lek van eie wonde as deel van die genesingsproses, is in talle antieke kulture oënskynlik in verband met genesingskrag verstaan, verduidelik die Dinkstof-skrywer in sy rubriek (sien bl 16): “By Askelon is daar byvoorbeeld 'n hondebegraafplaas met die gedeeltelike tot volledige oorblyfsels van 1 500 honde gevind (5de eeu vC). Dié honde is nie daar ingegooi nie, maar een vir een in vlak grafte geplaas. Die huidige konsensus is dat dit met die een of ander Fenisiese genesingskultus verband hou.”

Ook Nadia Marais skryf oor honde. Die “vriendskap en genade van 'n skaaphond met die naam Filos”. In haar Gedagtes oor Kerkwees-rubriek op bladsy 7 vertel sy hoe eredienste soms ingerig word rondom troeteldiere op die Sondag van Sint Franciskus van Assisi, wat vanjaar op 4 Oktober val; net om die draai: die mooiste maand, as ons C Louis Leipoldt kan glo. Hy kry dit tog reg om jaar na jaar reg te wees. En so het selfs die slegste jare hulle mooiste maande.

Daardie teenstrydigheid laat my dink aan die teatrale term wat 'n mens dikwels vir aanneemhonde hoor: “rescues”. Ek het self so ene, genaamd Gracie. Maar hondeliefhebbers sal dalk verstaan as ek sê dis soms moeilik om te weet wie red nou juis vir wie.



Foto: Derek Kahns

Anriëtte de Ridder OP DIE KERKSTOEP



Só kan jy ander (en jouself) met trauma help

Verlies – tyd om te rou

Verlies is 'n woord wat sinoniem geraak het met die Covid-19-inperkings tyd. Baie mense het hulle geliefdes aan die dood afgestaan of self die virus onder lede gehad. Min mense besef egter dat die langdurige inperking en ekonomiese gevolge daarvan ook by baie mense 'n tipe “post-traumatische stres” veroorsaak het. Volgens **ds Theunis Botha**, PSD vir predikantevergorsing in Sinode Wes-Kaapland, word daar tans in die terapeutiese wêreld verwys na “aanpassingsversteuring” of na die “PCSD” of “Post-Covid Stress Disorder”.

Botha verduidelik dat dit die rede is waarom *Communitas* in die maand van Augustus drie webinarre gehou het oor die tema van verlies en rou. “Verlies verwys nie net na fisiese verlies soos werkloosheid, siekte of verlies aan inkomste nie. Mense het ook in hierdie tyd emosionele verlies ervaar soos die verlies aan vryheid, geleentheid, koneksie, fisiese aanraking, roetine en toekomssekerheid.”

Een van die sprekers by die webinarre, **ds Jalize Uys** (predikant en menslike hulpbronbestuurder in Kaapstad), het na Elizabeth Kübler-Ross se bekende vyf fases van rou verwys as 'n handige model om te verstaan hoekom mense tans byvoorbeeld meer angstig, geirri-

teerd of terneergedruk voel. “Die woede en polarisasie wat 'n mens veral in sosiale media sien, is ook 'n tipiese emosionele reaksie op trauma. Langdurige stres en ontwrigting kan lei tot uitbranding,” het Uys gewaarsku.

Nog 'n spreker, maatskaplike werker **Elmari Hoffman-van Rooyen** van Brackenfell, het genoem dat die ontwrigting van Covid-19 vir kinders en tieners met vorige onverwerkte belewenisse, trauma opnuut kan laat herleef. “Skielik is 'n kind weer van voor af emosioneel oor 'n onverwante saak, soos 'n egskeiding van sy/haar ouers. Trauma op trauma veroorsaak dat sekere kinders hierdie Covid-tydperk meer intens beleef – hulle is dalk byvoorbeeld meer angstig of hulle sukkel om te konsentreer,” verduidelik sy.

Nog 'n spreker, **Lianca Fourie** (spelterapeut van George), het verduidelik hoe kinders se ontwikkelingsfases en temperament 'n invloed het op hoe hulle reageer op die ontwrigting van Covid-19 en watter tipe ondersteuning hulle benodig om daardeur te kom. “'n Tiener se selfbeeld kan aangetas word as hy/sy vir lank nie goeie kontak met sy/haar vriende het nie, juis omdat hulle in 'n ontwikkelingsfase is waar hulle identiteit gevorm word,” vertel Fourie.

Wenke vir tye van trauma

1. Gee mekaar ruimte om verskillende emosies te verwerk.
2. Ondersteun mekaar en wees geduldig met mekaar.
3. Wees eerlik met kinders (maar deel inligting ouderdomsgepas).
4. Gee vir almal (veral kinders) geleentheid om vrae te vra, al is daar nie altyd antwoorde nie.
5. Vermy clichés en soetsappige verduidelikings.
6. Onthou dat almal nie maklik emosies kan verwoord nie, maar ander maniere gebruik om emosies te ontloos soos oefening, musiek of om te teken.
7. Skep intensioneel geleentheid vir samesyn om só God se nabyheid te beleef.
8. Bid eerlik, deel jou emosies met die Here en bid vir mekaar – God weet hoe jy voel.
9. Doen iets simbolies saam soos om 'n boom te plant of 'n kers aan te steek.
10. Koördineer praktiese ondersteuning sodat dit langer kan aanhou en sinvol kan help.

Rudolph van Schoor, lewensafrieger en berader van die Stellenberg Ondersteuningsentrum, het by die laaste van dié drie webinarre verduidelik dat gemeentes nou die geleentheid moet aangryp om mense se emosies te ontloos en te begelei, deur veilige ruimtes te skep waar mense hulle stories van die afgelope paar maande kan deel. Gemeentes kan dit byvoorbeeld tydens eredienste doen deur die diens spesifiek daarvoor in te rig.

Prof Cas Wepener, dosent in Praktiese Teologie by die Universiteit Stellenbosch, sien ook die erediens as 'n geleentheid waar trauma en verlies gedeel en verwerk kan word. Hy verduidelik: “Klag was nog altyd deel van 'n gelowige se opregte geloofservaring en dit moet in hierdie tyd herontdek word as 'n belangrike element van die liturgie. Dit is ook nou 'n goeie tyd vir die kerk om sekere liturgiese handeling, soos doop, nagmaal en gebed teologies te herbedink sodat dit ook sin maak in 'n aanlynwêreld.”

► *Ds Anriëtte de Ridder is PSD Jeug- en Familiebegeleiding in Sinode Wes-Kaapland.*

Wenke uit webinarre

Hier is 'n paar praktiese wenke om verlies te hanteer, opgestel vanuit die verlies-webinare wat plaasgevind het:

1. Gee vir mekaar ruimte om verskillende gevoelens te ervaar

Mense ervaar 'n hele reeks emosies wanneer hulle trauma of verlies verwerk soos skok, ontkenning, irritasie, ongeloof, hartseer, woede, of selfs aggressie. Sommiges sal daarvoor wil praat, ander sal dalk onttrek. Elkeen se emosies is egter geldig en eg. Maak ruimte vir mekaar en luister na mekaar se ervarings. Verwys mense wat ekstra ondersteuning nodig het na kundiges soos 'n dokter, sielkundige of predikant.

2. Hou vas aan God se teenwoordigheid

God verstaan hoe ons voel, ook as ons in hierdie tyd sy liefde of trou betwyfel of selfs wonder of ons nog glo. In die Bybel sien ons voorbeelde van twyfel en klag in krisistye. Gemeentes kan 'n

veilige ruimte bied vir eerlike vrae en worstelinge met God. Ons kan vashou aan die belofte dat God vir ons krag, wysheid en troos gee. Hy gee ook vir ons mense om ons hand te neem en saam met ons te stap deur die donkerste tye.

3. Wees in hierdie tyd daar vir mekaar

Verlies en trauma kom in verskillende vorms – dit is soms 'n skielike skok soos 'n ongeluk, skielike siekte of dood en soms is dit 'n uitgerekte ervaring van ontwrigting soos die Covid-19-tyd, egskeiding of droogte. Dit raak nie net dié wat direk verlies gely het nie, maar ook 'n uitgebreide gemeenskap. In tye van verlies of swaarkry kan 'n gemeenskap mekaar dra en mekaar help om daardeur te kom. Dit is die tyd vir gelowiges om God se liefde vir mekaar en ander te bewys deur na mekaar te luister, geduldig te wees met mekaar en praktiese, diensbare dinge vir mekaar te doen.

Genadebodes: Wat honde ons oor menswees leer

Dit is Septembermaand, lentetyd; en binne die kerklike jaar het ons die Seisoen van die Skepping binnegetree. Dit is dus die ideale tyd om diep ondersoek te doen na ons gedagtes en houdings jeens die ekologie, en veral die diere – soos ons troeteldiere – met wie ons ons lewe en vreugdes en trane elke dag deel. So dikwels vergeet ons dat dit ons plig is om sowel die groter natuurlike wêreld ‘daar buite’ as die kleiner ambassadeurs daarvan wat in ons eie huis en hart leef, te versorg.

Trouens, ons (troetel)diere ken ons beter as wat die meeste mense ons ooit sal ken. Hulle weet wanneer ons slaap, wanneer ons oefen (veral wanneer ons sonder hulle oefen ...!), wanneer ons eet. Hulle ken ons elke dag se roetines en gewoontes. Hulle lees ons gemoed, en weet wanneer ons hartseer of kwaad of teleurgesteld is. Hulle kyk ons grootoog aan wanneer hulle onseker is, en hulle deel in ons vreugde en geluk en vrede wanneer dit met ons goed gaan. Daar is min mense wat soveel van ons diepte- en hoogteomblikke deel en deurlief saam met ons as daardie klein medereisigers. Dikwels besef ons eers hoe diep ingewef hulle in ons en ons lewe geraak het wanneer daar iets met hulle gebeur.

Ek skryf hierdie bydrae vandeeweek daarom ’n bietjie anders, want ek ken die vriendskap en genade van ’n skaaphond met die naam Filos. Ek dink baie

keer, en al klink dit soos ’n grap bedoel ek dit dooernstig, dat hy nie net ’n beter Christen as ek is nie, maar ook ’n beter dominee. Hy is so ontsettend lief vir mense. Hy is nuuskierig oor alles, hy leef in die oomblik, en hy het ’n humorsin wat tot die eindelose vermaak van sy huismense lei. Hy vergewe my my foute, sonder om te skroom, en daar is geen voorwaardes aan sy liefde nie. Dan wonder ek: Is dit nie ook ’n genade nie, en is dit nie ook ’n troos nie? Is hy nie ook ’n voorbeeld nie, en kan ons dan nie ook iets by ons dierevriende leer nie?

In talle kerke die wêreld oor is daar die gebruik om ’n kerklike erediens in te rig rondom troeteldiere – gewoonlik honde, soms katte; maar dikwels dan ook ander troeteldiere – op die Sondag van Sint Franciskus van Assisi, wat vanjaar op 4 Oktober val. Sint Franciskus van Assisi word binne talle kerklike tradisies beskou as nie net die beskermheilige van die ekologie nie, maar ook spesifiek as die beskermheilige van

diere. Dit is betekenisvol dat die huidige pous van die Katolieke Kerk, pous Franciskus, die eerste pous oor die ganse geskiedenis heen is wat juis gekies het om die naam van hierdie beskermheilige aan te neem. In sy ensikliek, *Laudato Si!* (2009), skryf hy onder andere oor die geskenk van diere wat, saam met elke ander skepsel – hoe kort hulle lewe ook al – ontvangers is van Godsliefde.

Maar dikwels word juis honde ons metafoor vir wat dit beteken om argeloos en sorgeloos behandel te word. Ons praat daarvan dat iemand soos ’n hond behandel word, of ’n hondelewe lei. Dan wonder ek altyd oor die soort taalwêreld waarbinne ons leef, dat ’n hond die *poster child* geword het vir ons onmenslikheid en ellendige en gewelddadige hantering van mekaar. Ons redeneer: ’n Hond is ’n dier, en ’n dier is onheilig. Daarom hoort hulle ook nie ‘in die kerk’ nie; en vergeet ons so gerieflik ons eie (dierlike?) liggaamlikheid, wat

“Maar dikwels word juis honde ons metafoor vir wat dit beteken om argeloos en sorgeloos behandel te word.”



die digter Mary Oliver noem “the soft animal of our body loving what it loves”. Dierlik beteken dan onheilig, en menslik dan per slot van rekening heilig.

Dalk kan ons iets leer by die Kanaänitiese vrou in Matteus 15:25-28, met haar vasbeslotenheid om selfs Jesus tot ander insigte te bring oor wie ontvangers van genade is. Sy vra om hulp, en Jesus antwoord haar dat dit nie mooi of goed of reg is om die brood van kinders vir die honde te gooi nie. In haar bekende antwoord maak sy ’n toegewing – “Ja, Here” – maar oortuig Hom tog steeds dat selfs die honde – en sy! – waardige ontvangers van respek, en liefde, en ja, ook genade, is. Jesus se antwoord is opvallend: “Laat dit vir jou wees soos jy wil hê”. Dit wil blyk asof selfs ’n Kanaänitiese vrou selfs vir Jesus hier iets kan leer ...

In haar digbundel *Dog songs* (2015), maak Mary Oliver die punt dat honde ons oor ons menswees ’n hele paar goed kan leer. Van die vele lesse wat daarin opgesluit lê – om aandag te gee, om in die teenwoordige te leef, om met vreugde te leef – is daar die herinnering aan genade. Dalk sou ons eie honde selfs die genadebodes kon wees wat ons op talle maniere deur ons dag en lewe herinner “om te leef asof nie” (Dirkie Smit).

► Dr Nadia Marais doseer *Sistematiese Teologie* aan die Universiteit Stellenbosch.



NUWE
stemme

‘Then we’ll welcome even angels as guests’

ASHWIN AFRIKANUS THYSSEN

Recent months have been a great uncovering. During this somewhat “apocalyptic” time, communities constituted on the basis of faith have been forced to explore different forms of existing as a network of believers. In addition to navigating this time of uncertainty, given the novel coronavirus, faith communities have also been forced to deal with injustice – particularly the #BlackLivesMatter movement, police brutality and the gender-based violence protests.

This moment, therefore, calls for pause and reflection by and for the church. Critical reflection, of course, requires unarmed truth; that allows hy-

pocrisy to give way to honesty. In this time, clergy and lay leaders alike have realised the ways in which our faith communities are not truly hospitable. The leadership of women continues to be treated with suspicion; our spaces of worship are ableist, presenting an immense challenge for persons with disabilities; the homo- and transphobic battle continues against the celebration of LGBTI+ people. These and other reasons make it painstakingly clear: The church is quite inhospitable.

In the article “Public morality and the need for an ethos of hospitality” (2003) Robert Vosloo considers the communal grammar of morality, and the need for its deepening in our time. Critiquing an ab-

stract notion of community, instead advocating for a real community, Vosloo writes: “Without an ethos of hospitality it is difficult to envisage a way to challenge economic injustice, racism and xenophobia, lack of communication, the recognition of the rights of another, etc.”

In our time of crisis, we are plagued more by piercing questions, than comforted by stable answers. Given this, an ethic of hospitality may be most helpful in our framing of these questions. In the article Vosloo offers five remarks, which in this time I take to be questions posed to our faith communities. Hospitality challenges our conceptions of rigid identity. Hospitality asks questions about how we embody space and time. Third,

hospitality requires that we reimagine our use of language. Hospitality uncovers the politics of institutional life. Finally, quite important in this time, hospitality prioritises both lament and hope.

Reflecting on the role of the church in his day, the German theologian and martyr Dietrich Bonhoeffer argued that “the church is Christ existing as community.” While we are redefining the form of this community, it is important to do so centring an ethic of hospitality. Doing so, we – the communion of saints – will welcome even angels as guests.

► Ashwin Afrikanus Thyssen is a PhD candidate and tutor at the Department of Systematic Theology and Ecclesiology at Stellenbosch University.

Ons hoor graag van jou. Besoek www.kerkbode.co.za en klik op die Briewe-skakel in die navigasiekolom en volg die eenvoudige aanwysings om 'n brief vir publikasie via ons nuwe aanlyninvolvorm te stuur. Helder en bondige briewe geniet voorkeur by publikasie.

Liefde, eenheid en heiligmaking

Chris Smith van Westonaria skryf:

My dank aan prof Marius Nel vir die artikel “God se insluitende liefde vat die bediening van Jesus saam”. Dit is geplaas onder die groter tema van “Verstaan die Bybel” in *Kerkbode* van 28 Augustus 2020.

Die artikel bied baie goeie waarhede aan, maar die doel word nie bereik nie. Ek verstaan die skrywer se doel is om ons te bring tot eenheid en samewerking en insluiting. Dit moet beslis nagestreef word – dit is immers deel van ons roeping! In die praktyk help dit egter nie baie nie. Laat ek verduidelik.

Die grootste verdelende aspek in die kerk tans, is natuurlik selfdegeslagverhoudings, afgekort as SGV. In hierdie debat wys die een kant net op die insluitende liefde. “Liefde is liefde” is dan ook die slagspreuk. Dit is duidelik in die tweede paragraaf van die genoemde artikel.

Die ander kant wys weer op die aspekte wat genoem word in die eerste paragraaf van die artikel. Insluitende liefde moet gebalanseer word met die nastreef van heiligheid.

Die enigste aspek van die artikel waarmee albei kante saamstem, is die fokus op Jesus, ontsag vir Jesus en die onderdanigheid aan Jesus. In die soeke om beide, insluitende liefde en heiligmaking, as kernwaardes saam te vestig, kan ons egter nie anders as om terug te gaan na die Woord nie. Daar hoor ons wat is liefde en heiligheid. Daar hoor ons tog gesagvol wat Jesus vra en wat sy wil is waarvoor ons moet buig.

Daar is sekere aspekte waarvoor ons van mekaar kan en mag verskil.

Maar net so is daar ook sekere aspekte wat die kern van ons geloof raak waarvoor daar net geen kompromie gemaak mag word nie. Vir my is dit die vyf solas. Onder andere die gesag van die Woord alleen. Juis omdat ek aan Jesus se gesag gehoorsaam wil wees en Hom wil volg, juis daarom kan ek nie SGV aanvaar nie. Ek aanvaar die persoon met God se insluitende liefde. Die uitleef van SGV is egter vir my teen die uitleef van heiligheid en is teen die gesag van Jesus, soos duidelik word in die Skrif.

In die hele SGV-debat, is dit meer as net 'n “vasgelopenheid”. Dit is ook meer as net 'n ander Skrifhantering. Hierdie twee motiverings vir aanvaarding is vir my 'n vermyding van die gesag van Jesus en sy Woord. Ek glo die kerk moet weer terugkom en die saak uitmaak oor wat die Woord sê oor die saak.

Ek dink nie die saak is tussen “insluitende liefde” teenoor “heiligmaking” nie. Ek glo dit is insluitende liefde, met aanvaarding van die persoon, asook “wees heilig, want Ek is heilig”. Oor wat heiligmaking behels, is die Woord vir my duidelik teen SGV. Ons moet buig voor sy gesag.

Ek poog steeds om dié wat SGV voorstaan, se Skriftuurlike gronde te verstaan. Op sinodale vlak is daar in 2013 besluit teen SGV “na deeglike eksegetiese en teologiese studie”. Daarna was daar nog geen nuwe, beter of ander eksegetiese aangebied wat hierdie weersprek nie. In navrae aan die ASM en skrywes aan ATLAS, ea kry ek steeds nie antwoorde op wat die Skriftuurlike gronde is nie. Ek wil graag verstaan, want die eenheid van die kerk is baie belangrik.

rend). JP Avenant van Montagu is “te-leurgesteld, verward, kwaad en geskok”; Chris Visser vertel dat ons by Piper wysheid moet soek aangaande homoseksualiteit en Johan van Noordwes wonder (in e-Kerkbode) of ons weer 'n sinode soos Dordt kort aangaande SGV. Dr Bennie Marais van die NG Kerk Charl Cilliers waarsku oor die moontlikheid van 'n gevaarlike miskenning van sonde.

Marais verwys verder na die voorkeur van die ASM teenoor pro-gay propo-nente en skryf dat “voortgaande en nederige diepe luister na mekaar, met respek vir mekaar se uiteenlopende benaderings, Skrifhantering en hermeneutiek” bloot lippetaal is en geensins deur die AS of ASM toegepas word nie. Ek wil dit in verband bring met Le Roux Schoeman se redakteursbrief “Briewebadberading” (*Kerkbode*, 28 Augustus 2020). Tereg skryf hy: “trauma neem vele vorme aan”. Dat meer mense as ek trauma

beleef aangaande die debat oor SGV, spreek duidelik uit bogenoemde skrywes. Vir Schoeman is die oplossing dat daar met aandag en respek na ander geluister word. Berading en terapie wat Schoeman ook noem, is tog nie net eensydig luister oftewel 'n eenrigtinggesprek nie? Gesonde kommunikasie en debat is nog altyd beskou as 'n tweerigtinggesprek.

Wat ek lees in al bostaande skrywes is diepe kommer, onrus en besorgdheid oor die geestelike toestand van die kerk. Ek verstaan dit as vermaning, onderrig en waarskuwing. Wat ek hoor is 'n liefdevolle pleitrede na regstelling en veral 'n soeke na antwoorde.

Mag die leierskap hoor, diep nadink, reageer en dringend antwoorde gee!

Moet jy altyd inpas by die kudde?

Imker Hoogenhout van Vereeniging skryf:

Ek verwys na ds Marius Maree se artikel: “Moet jy altyd inpas by die ‘kudde?’” in *Kerkbode* van 28 Augustus 2020.

Ek het eenmaal 'n bestuurskursus bygewoon waarin na hierdie gelykenis verwys is, en waar gesê is dat dit die verkeerde strategie is vir die korporatiewe wêreld:

As 99 persone doen wat van hulle verwag word en een breek weg, moet daar nie bestuurtyd vermors word op die een nie. Laat hom of haar eerder gaan, en beweeg aan met die res.

As daar 99 winsgewende lyne is en een wat 'n verlies maak, sny dan die verliesmaker uit en konsentreer op die res.

Maar ons weet Jesus was anders – Hy het gekonsentreer op die een vrou by die put, en nie op die 99 goeie mense in die dorp nie. Die dokter konsentreer op die een siek pasiënt, en nie op die 99 gesondes nie.

‘AS kan nie namens leraars aansoek doen’

Dr Johann Ernst skryf:

Die berig “SGV: Claassen reageer op vrae oor proses” (*Kerkbode* 24 Aug, bl 2) verwys.

Die NG Kerk het nie besluit om as kerk of denominasie die bevestiging van burgerlike verbintenisse in die algemeen goed te keur nie. Daar is slegs erken dat daar kerkrade en predikante is wat nie hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen mense van dieselfde geslag te bevestig nie, maar dat daar ook kerkrade en predikante is wat wel bereid is om dit te doen. Om ruimte te skep vir laasgenoemde kan tog nie behels dat die NG Kerk nou as denominasie daarvoor aangewys moet word nie. Anders moet daar by die minister vir diegene wat nie hulle weg daartoe

oopsien nie, terselfdertyd gevra word dat die NG Kerk nie as denominasie aangewys word om burgerlike verbintenisse te bevestig nie.

Tans kan nóg die kantoor van die Algemene Sinode nóg die sinodale kantore ingevolge die besluite van Algemene Sinode 2019 namens leraars en kerkrade by die minister aansoek doen om aanstelling as bevestigings van burgerlike verbintenisse. Dit is 'n saak wat leraars met hulle eie kerkrade moet opneem en self met die Departement van Binnelandse Sake moet reël. Die optrede van die kantoor is buite orde en nietig. Die minister moet deur die kantoor daarvan in kennis gestel word sonder om 'n enkele aansoek deur te stuur. – Besoek www.kerkbode.co.za vir 'n langer weergawe van hierdie skrywe. – Red.

Fokus ons op Jesus?

Johan van Noordwes skryf:

Die artikel van prof Marius Nel “God se insluitende liefde vat Jesus se bediening saam” onder die *Kerkbode*-vaandel “Verstaan die Bybel” van 28 Augustus 2020, het betrekking.

Ek stem volkome saam met die laaste sin van die prof se artikel: “... begrond in 'n diepgaande refleksie oor wat dit beteken om onderdanig aan Christus te wees”.

Gun my asseblief 'n oomblik om twee vrae/knelpunte te opper:

1. Is die konteks van die kerk dieselfde nou as wat dit in die eerste jare na Jesus se dood was? Die eerste gemeentes het te doen gehad met Jesus se vervulling van die “wet en die profete” en die implikasies daarvan. Ons het 2 000 jaar se tradisie, geskiedenis en wysheid om op te steun.

2. Kan ons eetgewoontes en seksualiteit oor dieselfde kam skeer? Na Jesus se kruisdood en opstanding word dit duidelik dat ons nie meer onder die seremoniële wette staan nie, maar dat die morele wette nog op Christene van toepassing is. Op agt plekke in die Nuwe Testament (Mark 7:21-22; Rom 1:24-31; 13:13; 1 Kor 6:9-10; Gal 5:19-21; Kol 3:5-9; 1 Tim 1:9-10; Op 21:8) word daar verwys na optredes wat 'n navolger van Christus nie betaam nie, en “porneia” (enige seksuele verhouding buite die huwelik van een man en een vrou) kom elke keer voor.

Die oproep tot eenheid voel vir my na niks anders as 'n poging om behoudende Christene te laat erken dat seksuele sonde nie “so erg is as wat ons dit maak nie”, en die plasing van die artikel onder die *Kerkbode*-vaandel van “Verstaan die Bybel” spreek self boekdele. Ek sal graag wil weet of ons so insluitend behoort te wees vir enige van die ander sondes wat in die agt lyste voorkom.

Groete in Christus

Antwoorde asseblief!

Dr Henrietta Klaasing van Randfontein skryf:

Dat gebeure in die NG Kerk rakende selfdegeslagverbintenisse (SGV) skokgolwe veroorsaak, spreek duidelik uit die artikel van dr Johann Ernst (“Knuppel in die hoenderhok”, *Kerkbode*, 28 Augustus 2020). Sekere sake wat hy uitwys is uiters kommerwekkend. Net twee voorbeelde: 1. dat daar in die besluite van die laaste algemene sinode géén aanwysing gevind kan word dat die kantoor die opdrag gekry het om namens die NG Kerk as enkele denominasie by Binnelandse Sake aansoek te doen nie, en 2. dat die NG Kerk nie sonder meer as enkele denominasie by die owerheid aangebied mag word nie.

Onlangse briewe in *Kerkbode* dui ook op ontsteltenis: “Ons staan los,” skryf dr Chris Saayman van Tafelberg (Dole-

Gasskrywer: Verwarring oor die kerk se doel

Marius Rautenbach skryf:

In die teksdeel, Markus 9:2-10, vertel Markus ons van die verwarring wat daar in die gemoed van Petrus, Johannes en Jakobus was toe hulle van die berg van verheerliking af gekom het. Ons moet nou mooi verstaan dat hierdie gebeure gevolg het op Petrus se beilydenis dat Jesus die Messias is en opgevolg is deur wat Petrus en die ander twee so pas op die berg beleef het. Hulle het teen hierdie tyd verstaan dat Jesus die Messias is en het op die berg sy heerlikheid, mag en krag gesien. Maar dit verklaar nie hulle verwarring nie.

Om hulle verwarring reg te kan verstaan, moet 'n mens terug delf in wat die Jode se verwagting van die Messias was. Reg deur hulle geskiedenis was die Jode bewus daarvan dat hulle in 'n baie spesiale sin God se uitverkore mense was. In die vroeë dae het hulle na die tyd van Dawid as die goue jare van hulle bestaan verwys en verlang. Hulle het ook verlang na nog so 'n koning soos Dawid wat uit sy geslag sou kom en die volgende goue tydperk sou inlei. (Vir dié wat dit wil oplees, kyk na Jesaja 9:6; 11:1; Jeremia 22:4; 23:5; 30:9.)

Soos wat die tyd verloop het was dit vir die volk duidelik dat hulle droom van glorie nie op 'n natuurlike manier sou kon geskied nie. Want die 10 stamme van Israel het na Assirië se inval vir alle doeleindes verdwyn. Juda is uiteindelik op hulle beurt deur die Ba-

biloniese leer in ballingskap wegge- neem en vandaar is hulle deur die Perse, Grieke en Romeine oorheers. In die tyd tussen die Ou en die Nuwe Testament is daar baie voorspellings gemaak wat in die Apokriewe boeke opgeneem is oor die koms en werk van die Messias (byvoorbeeld 2 Barug 27; 4 Esra 12:32-33; 13:33-35 asook Henog 52:7-9). Die prentjie wat dit skilder is dat die Jode tot 'n groot mate baie nasionalisties was. Hulle het verwag dat die Messias met wraak en verwoesting sou kom, en deur 'n bloedbad sy oorwinning oor hulle vyande sou behaal en so hulle volkome verlossing sou bewerkstellig.

Dit is dus geen wonder dat Jesus sy dissipels tot stilte gemaak het oor sy ware identiteit nie, want Hy het goed verstaan dat hulle verwagting van Hom as Messias verkeerd was. In al die tyd wat hulle saam het Hom was, het hulle tog geen aggressiewe praatjies oor hulle oorheersers by Hom gehoor nie. Daar was by Jesus geen opsweping van nasionalistiese emosies nie. Dit was dinge wat Jesus baie doelbewus vermy het. Wat sy dissipels by Jesus gesien het, was 'n diepe omgee en liefde vir mense in hulle nood, fisies of geestelik. Dit is waarom die dissipels so in verwarring was oor wie Hy nou eintlik was en wat Hy kom doen het.

Jesus het geweet dat Hy nog baie opvoedingswerk met hulle het voordat hulle sou verstaan wat sy werk, en

uiteindelik hulle werk, sou wees. Hulle het nog onder mekaar geloop en stry oor wie die grootste in Jesus se ryk sou wees. Hulle het nie verstaan, of wou nie verstaan, dat Jesus sou moes sterf nie. Ons moet onthou dat hulle met 'n leeftyd se leringe sit oor wie die Messias sou wees. Vandag sê die sielkundiges vir ons dat dit tot 21 herhalings vat voor iemand vasgelegde inligting kan vervang met nuwe inligting. Dus moes hulle dit wat hulle gedink het hulle van die Messias weet, afleer en iets nuuts aanleer. Hoe kon die Messias van hulle verwagting deur hulle eie godsdienstige owerheid gevange geneem en doodgemaak word? Dit het net nie by hulle prentjie van die Messias ingepas nie.

Jesus se dissipels het drie jaar saam met Hom geleef en elke dag by Hom geleer. Hulle het na drie dae die verheerlikte, opgestane Jesus gesien en nog meer by Hom geleer. Tog het hulle nog by sy hemelvaart vir Hom gevra of dit nou die tyd was vir die oprigting van die koninkryk van Israel. Dit het die koms van die Heilige Gees geverg vir die dissipels om dit wat Jesus kom doen het, werklik te begryp en dit aan ander te kon leer.

As ek om my kyk na die wêreld se siening van wie Jesus is, en hoe min hulle verstaan van wat Hy kom doen het, kan ek verstaan dat hulle verward is en Hom nie verstaan nie. Maar wanneer ek na die leer en verwagting van sommige van die sogenaamde Christelike kerke

kyk, en wat hulle leer oor Jesus en die werk van die Heilige Gees, wil ek huil.

Die kerk het gemaklik geword met gebruike, rituele en diensordes wat goed verstaan en aanvaar word deur die gemeentelede, maar totaal verwarrend en onverstaanbaar is vir die nie-kerklikes. Ons gebruik kerklike taal en begrippe en sing liederes in die dienste waarvan die woorde nie altyd vir nie-kerklikes of die ongekerktes sin maak nie. Wat ek daarmee wil sê is dat ons kerke en eredienste ingestel is op die onderhouding van hulle kerkgenootskappe se beleid en die gemak en die tevredenheid van hulle lidmate.

Hier volg 'n paar vrae om my punt te bewys:

- Wat het in ons kerke/gemeentes oorgebly van Jesus se hart vir die sondaars en verworpenes in die gemeenskap?
- Wat het geword van die inbring van die verlore skape in die kraal van die ware Herder wie se stem hulle nog moet leer ken?
- Wat het geword van die doel waarmee die dissipels die wêreld ingestuur is om bekering na God toe, en die koms van God se koninkryk, te gaan verkondig?
- Is die kerk van ons Messias nog ingestel om dit wat Jesus geleer het te versprei en die verlore mense te leer oor God se genade?
- Of het ons gemaklik geword met mekaar en ons koinonia van Sondae waar ons mekaar kan druk, saam kuier en mekaar se geselskap kan geniet?

Dit kom my voor dat ons ook soos die dissipels nie nou meer mooi begryp wat en wie Jesus as Messias is nie. Ons het weer nodig om terug te gaan na wat die Bybel ons leer van die werk en doel van ons Messias. Dit wat Jesus gedoen en geleer het, is wat ons aan die mense moet leer en wat ons moet uitleef.

Ons moet meer bekommerd wees oor die opskryf van name in God se Boek van die Lewe, as om name in ons gemeentes se register van lidmate op te skryf. Dan sal ons weer ware kerk wees wat die doel en ideale van ons Meester uitleef. Het ons weer 'n reformasie nodig vir dit om te gebeur?

► *Marius Rautenbach het vanaf 1991 vir 17 jaar as godsdiensterker by die Medium A- en B-afdelings in die Westville-gevangenis in KZN gedien. Hy is deesdae ouderling met preekvoorregte in die NG gemeente Port Natal.*

Nuut

Skryf vir jouself R1 000 los met Kerkbode se skryfkompetisie

Ons soek jou mees oorspronklike gedagtes en beste skryfwerk vir ons skryfkompetisie wat die beste lesersbydraes met 'n kontantprys en publikasie in *Kerkbode* beloon.

Deelnemers kan in een of meer van drie kompetisiekateregoreë inskryf:

- 2020: Insigte uit 'n annus horribilis.
- Hoe lyk 'n inklusiewe kerk?
- Só lei die Bybel my besluitneming in my alledaagse lewe.

Hoe skryf ek in? Besoek www.kerkbode.co.za en klik op die kompetisies storie op die tuisblad. Volg die eenvoudige instruksies.

Waarna is ons op soek? *Kerkbode*-sto-

ries is vanjaar altesaam meer as 800 000 keer gelees, volgens Google Analytics, wat dié goed tel. En wanneer 'n mens kyk na watter soort stories in *Kerkbode* gelees word, besef jy gou daar is een gemene deler: Lesers hou van helder, goedgeskrewe stories en briewe. So dit is presies wat ons beoordelaars van jou vra. Toeganklik én insiggewend. Sowat 800 woorde wat die leser verras, vermaak en inlig.

Wanneer kry ek my prysgeld? Drie weninskrywings sal op www.kerkbode.co.za en in hierdie blaaie gepubliseer word en die wenskywers sal betyds in-gelig word dat hulle hulle stories via sosiale media kan deel met soveel moontlik lesers.



● Sluitingsdatum vir inskrywings: 9 Oktober 2020.



Teken in op Kerkbode

Jeanne van Niekerk
E-pos: jeanne@tydskrifte.co.za
Tel (Kantoorure): 021 864 8252
Intekenare/gemeentenavrae:
Viona Ross
Tel 021 864 8278. E-pos: viona@tydskrifte.co.za

Redaksie:

Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

KONTAK ONS

Redakteur: Le Roux Schoeman
leroux@kerkbode.co.za
Tel 021 864 8247

Joernalis: Jacobie M Helena
Tel 072 828 9760
E-pos: jacobie@bmedia.co.za

Ontwerper: Mario Small
E-pos: mario@kerkbode.co.za

Proffesler: Lambert Jacobs

Advertensies en vakatures:

Hanlie Raath
Sel 072 357 8914
E-pos: woes@mweb.co.za

Kleinadvertensies en amptelike nuus:

Lida Viljoen
E-pos: lida@tydskrifte.co.za
Tel (Halfdag): 021 864 8202

Bemarking:

Amanda van der Westhuizen, tel 021 864 8231

BM

Bybel-Media

Aanlyntienerbediening 'n ontwrigting en 'n geleentheid

ANRIËTTE DE RIDDER

Die meeste gemeentes het aanlyn voortgegaan met een of ander vorm van tienerbediening in grendeltyd, volgens die informele navorsing wat gedoen is deur DinkJeug ('n inisiatief van die Taakspan Jeug- en Familiebediening van Wes-Kaapland). Ses-en-sewentig gemeentes uit verskillende kontekste het aan die steekproef deelgeneem en van hierdie gemeentes het slegs 14% geen vorm van tienerbediening tydens grendeltyd gedoen nie. Naas predikante en kategete, het gemeentes veral staatgemaak op ouers (46%) om verantwoordelikheid te neem vir tienerbediening.

Gemeentes het verskeie platforms ingespan

Van die gemeentes in die steekproef het 67% ervaar dat WhatsApp die heel geskikte platform vir aanlyntienerbediening is. Hulle span WA-groepe, WA-video-oproep en direkte WA-boodskappe in om met tieners te kommunikeer. YouTube is die gewildste manier om preke of boodskappe mee uit te saai, Instagram is die gewildste platform vir "posting" en Zoom die gewildste platform, naas WhatsApp, om aanlyn in groepe te ontmoet. Tieners wat nie toegang tot data het nie, word bereik deur boodskappe aan hulle ouers te stuur via WhatsApp of e-posse, maar 40% van

die gemeentes het erken dat hulle minder effektief met hierdie tieners kommunikeer of nie weet hoe om hulle te bereik nie.

Ontwrigting en 'n geleentheid

In die DinkJeug-webinaar oor tegnologie en jeugbediening gehou op 13 Mei 2020 het een van die sprekers, Christo Venter van kerksondermure in Centurion, aangedui dat aanlynbediening 'n geval van probeer, aanpas, en weer probeer is. "Wat aan die begin (van grendeltyd) gewerk het, werk later nie meer nie, en ons moet maar gedurig ons aanlynstrategie vir jeugbediening aanpas," het hy verduidelik. Hy het verder ver-

duidelik dat dit belangrik is om te beweeg van *content* na *connection*. Dit beteken dat 'n mens nie net bloot inhoud moet deurgee nie, maar veral moet nadink oor hoe om tieners se interaksie met leiers en mekaar te verhoog.

Nog 'n spreker, Adriaan Adams van New Norm Thinking, het verwys na die *gathered church* wat die *scattered church* geword het en hoe hierdie ontwrigtende tyd nou 'n geleentheid bied om ook tieners van buite jou tradisionele gemeentegrense te bereik en in te trek. Jeugbediening kry 'n sterk missionale fokus en beweeg weg van 'n weeklikse fisiese byeenkoms na 'n weeklange digi-

tale ontmoeting, het Adams verduidelik.

Tertius Nieuwoudt van Oase-gemeente in Klerksdorp was ook 'n spreker by dié webinaar en het hierdie raad gegee: "Fail fast, fail forward, fail often." Hy het hiermee bedoel dat 'n mens risiko's moet neem om aanlyn te begin bedien en dan daaruit leer. "Sit jou hande in die verf en begin skilder," was Nieuwoudt se raad. Gebruik die verskillende platforms intensioneel, want nie almal is op alle platforms nie.

"Betrek tieners by die skep van inhoud en die kommunikasie daarvan," was ds Theunis de Ridder van Mosaïek-gemeente in Johannesburg se raad. "Maak tyd vir een-tot-een gesprekke om verhoudings te bou en moedig mentors aan om dieselfde te doen. Gebruik ook humor, sosiale media *challenges* en tieners se eie video's en plasinge om 'n sin van gemeenskap te skep," het hy bygevoeg.

Die aanlynwêreld is deel van die nuwe norm, en ons moet dit aangryp as 'n geleentheid om met tieners in hulle leefwêreld te konnekteer. Dit kan nie die plek inneem van fisies bymekaar wees nie, maar kan ons help om meer gereeld, meer gefokus en meer geïntegreerd te dink oor tienerbediening.

► *Ds Anriëtte de Ridder is PSD Jeug- en Familiebegeleiding in Sinode Wes-Kaapland.*

“Die aanlynwêreld is deel van die nuwe norm, en ons moet dit aangryp as 'n geleentheid om met tieners in hulle leefwêreld te konnekteer.”

Tieners kan in spervuur beland tydens Covid-19-pandemie

MARIETJIE WARRINGTON

Die donker impak van Covid-19 op talle jongmense word nou meer waarneembaar namate plaaslike en wêreldwye opnames die poel van kennis aanvul en uitbrei.

Navorsing plaas tieners in spervuur

Luidens 'n onlangse verslag deur die American Centres for Disease Control and Prevention het een uit elke vier tieners die afgelope maande selfdood oorweeg. Navorsers wou inligting bekom oor mense se geestesgesondheid gedurende die Covid-19-pandemie en het nagenoeg 5 000 vrywilligers van alle ouderdomme by die opname betrek.

Tieners is risikogroep

Tydens die ondersoek is bevind dat angs, depressie, dwelmmisbruik en ro-

mantisering van selfdood aansienlik hoër was in die tyd vergeleke met vorige jare. Die ondersoek het ook tieners as die groter risikogroep geïdentifiseer.

Plaaslike kenner stem saam

Dr Erika Hitge, berader en psigometris in privaattpraktik, sê dit is heel moontlik dat tieners meer kwesbaar is vir die gevolge wat spruit uit die Covid-19-pandemie in vergelyking met ander ouderdomsgroepe.

"As gevolg van spesifieke aspekte wat met dié ontwikkelingsvlak geassosieer word, byvoorbeeld die groter impak van ouderdomsgenote (peers) op die tiener, is hulle meer kwesbaar. Hulle is op dié ouderdom baie meer vatbaar vir groepsdenke as die gedagtes wat hulle ouers het en is in 'n proses van toenemende onafhanklik-

“Tienerselfdood en -pogings is steeds aan die toeneem in Suid-Afrika en tot 'n derde van selfdoodpogings is onder kinders.”
– Prof Lourens Schlebusch

heid veral op emosionele vlak.”

Hitge meen verder: "Hulle was tot onlangs tot en met fase 3 van die grenselgelyf fisies verwyder van hulle ouderdomsgroep en voel moontlik ontwortel, onseker en betwyfel hulle plek in die sosiale groepe waarvan hulle deel is. Dit is moeilik om daardie behoortruimte virtueel te bevestig.”

Tieners uitgelewer aan gesinslewe

Sy sê hulle is nou uitgelewer aan die gesinslewe terwyl dit 'n psigologiese taak is om onafhanklik te word van die primêre gesin. Dit kan baie frustrasie en selfs depressie meebring.

"Tieners is bekend daarvoor om emosioneel te wees as 'n resultaat van hormonale veranderinge. 'n Mens kan dus aanvaar dat bykomende aanpassings ook addisionele stres en ver-

hoogde hanteringsmeganismes se inwerkingstelling vereis. Jongmense het nie altyd toegang tot dié roetes nie,” verduidelik Hitge.

Tieners wanhopig oor eie onvermoë
Hitge meen tieners kan ook wanhopig voel oor hulle eie onvermoë om hulle emosies te reguleer en om in hulle verhoudings te bly funksioneer.

“Saamwees met ouers en konflik kan tot negatiewe ontsnappingroetes lei soos dwelm- en drankmisbruik asook mutilasie en selfdood. Selfwaarde kan ook bevraagteken word omdat daar nie bevestiging is van die portuurgroep in persoon nie.”

Konflik binne gesinne en gesonde ondersteuning

Die meeste gesinne ervaar meer konflik wanneer almal heelyd saam is. Wanneer tieners gesonde ondersteuningstelsels het en as ’n reël goeie selfregulering kan toepas, kan hulle dié probleme moontlik vryspring.

Indien jongmense tevrede sou wees en goeie geestesgesondheid ervaar, behoort die struikelblokke ’n moontlikheid eerder as ’n werklikheid te wees.

Wêreldkundige oor stres en selfdood

Prof Lourens Schlebusch, stigter en voormalige hoof van die Departement Gedragsgeneeskunde aan die Universiteit van KwaZulu-Natal en wêreldkundige op die gebied van selfdood, sê die sielkundige impak van die pandemie kan talle jongmense nadelig beïnvloed.

Schlebusch, outeur van *Suicidal behaviour in South Africa* en voormalige lid van die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) se studiegroep oor selfdood, sê volgens sy omvattende navorsing is byna 10% van alle onnatuurlike sterftes onder Suid-Afrikaanse tieners te wyte aan selfdood.

“Tienerselfdood en -pogings is steeds aan die toeneem in Suid-Afrika en tot ’n derde van selfdoodpogings is onder kinders. Die gevolge wat spruit uit die pandemie soos verhoogde angsvlakke, depressie, ’n gevoel van hoopeloosheid met ’n negatiewe verwagting van die toekoms kan die situasie vir

jongmense sielkundig verder kompliseer,” sê hy.

Covid-19 teelaarde vir stres

Volgens Schlebusch is die Covid-19-pandemie ’n teelaarde vir stres en wanneer stresvlakke nie beheer kan word nie, kan dit omskakel in gedragsprobleme gepaard met depressie en angs. Laasgenoemde kan lei tot neigings van selfdood wat gewoonlik aan ’n gevoel van hopeloosheid gekoppel word.

“Die einde van die jaar is veral ’n angstige tydgleuf vir die meeste kinders. Jongmense wag op eksamenuitslae en moet toegang kry tot tersiêre instansies. Diegene wat nie verder gaan studeer

probleem vir tieners baie meer intens maak.

Luidens ’n artikel in *Kuier* sê Schlebusch hoewel almal wat aan depressie ly nie selfdood pleeg nie, is die meeste mense wat met selfdoodgedagtes worstel, terneergedruk. Nie alle tieners toon vooraf hulle voornemens nie, maar daar is besliste tekens.

Hy wys die volgende moontlike snellers uit waarvan ouers moet kennis neem: Skielike veranderinge in gedrag, doellose optrede, gemoedswisseling (uitbundige vreugde teenoor ’n eienaardige kalmte), sosiale onttrekking, die weggee van waardevolle persoonlike besittings, beheptheid met dood of self-

verskillende groepe insluitende lede van die gay-gemeenskap. Dié jongmense het veral gesukkel met die grendelgleuf tuis en het dit dikwels as vernietigend beskryf, sê sy.”

“Hulle het die afsondering met sy voorgeskrewe voorkomingsmaatreëls deurgaans negatief ervaar en gevind dat eensaamheid met gepaardgaande emosionele pyn dit moeilik maak om te kon funksioneer. Dit het tot ’n gevoel van hopeloosheid gelei waartydens selfdood in baie gevalle oorweeg is.”

Psigologiese nood vir dié wat reeds worstel

Papale sê angs, ’n gevoel van isolasie gedurende die pandemie en die grendelgleuf se beperkinge het bygedra tot psigologiese nood veral vir diegende wat reeds met geestesgesondheid worstel.

Covid-19 het die lewe van elke kind en jongmens in die land omvergewerp.

Depressie en angs

Die Suid-Afrikaanse Depressie-en-Angsgroep (SADAG) het Suid-Afrikaners onlangs gewaarsku dat ’n tweede krisisvlaag die land gaan tref. Hulle sê volgens internasionale navorsing word voorspel dat Covid-19 se sielkundige impak meer verwoestend gaan wees en langer gaan duur as die pandemie self.

Lewensbestaan beïnvloed

SADAG se operasionele bestuurder, Cassey Chambers, sê Covid-19 het mense se lewensbestaan op alle vlakke beïnvloed.

“Die impak op individue se geestesgesondheid is groot en volgens onlangse navorsing ervaar die helfte van die

Suid-Afrikaanse werknemerskorps post-traumatiese stres.”

“Mense sukkel geweldig en bel in oor depressie, angs, eensaamheid en selfs selfdood. Gedurende Maart het ons 19 507 inkomende oproepe ontvang wat in April tot ’n verbysterende 40 347 gestyg het. Dit is gevolg deur ’n geleidelike toename in Mei tot 44 948 en 47 322 in Junie. Oproepe wat met selfdood verband hou, neem toe namate die inkomende oproepvolume styg.”

Bron: www.newsyc.com/stories

KOMMENTAAR

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

Geagte lesers,

hou julle afstand en bly gesond – Red.



nie, moet werk soek in ’n land waar die werkloosheidsyfer die hoogte inskiet.”

Onsekerheid in onderwys en stres

Schlebusch sê die huidige onsekerheid op die onderwysgebied vererger jongmense se situasie en al dié faktore veroorsaak stres en depressie wat verder aangevuur word deur die Covid-19-pandemie. Dit is ’n resep wat die

dood, afskeid van geliefdes en vriende en geen voorbereiding vir die toekoms.

Statistieke van Lifeline Suid-Afrika

Nomsa Papale, woordvoerder van en bestuurder by Lifeline Suid-Afrika, sê oproepe van jongmense tussen die ouderdom van 13 en 24 jaar het sedert Maart vanjaar aansienlik toegeneem.

“Lifeline het oproepe ontvang uit

Digiklesia: Nuwe deel van die kerk is besig om op te staan

FRANCOIS LAMPRECHT

Sedert die begin van die kerk so ver terug as Handeling in die eerste eeu nC, was die saamwees van die gelowiges 'n baie belangrike deel van hoe Jesus se volgelingen hulleself verstaan. Ons gemeenskap is belangrik. Ons deel nie net 'n stel oortuigings nie, ons deel ons lewe. Vandaar die term wat hulle van vroeg af beskryf het – eklesia. Dit verwys na 'n groep mense wat “uitgeroep” is om saam byeen te kom.

Ons is saam iets wat ons nie een-een kan wees nie ... ons is saam die Liggaam, die bruid van Christus, die diverse maar hegte huisgesin van God. Ons kan sê dat 2020 se inperking en die digitale vorme van kerk waartoe baie van ons genoodsaak is ons ontnem het van hierdie éénwees, maar as kerk van Jesus het ons al vir honderde jare probleme daarmee.

Ons is lankal nie meer één kerk nie. Ons is verskeie kerke regoor die wêreld en ons eenwording is vir baie lank al 'n netelige kwessie. Die laaste paar dekades worstel die meeste van hierdie verskeidenheid van kerke ook met die realiteit van 'n kleiner wordende gemeenskap van gelowiges. Daar is hier en daar ligpunte, maar oor die algemeen is ons gemeentes baie kleiner as wat hulle in die vorige eeu was.

Een van die baie redes daarvoor is dat die kerk baie stadig was om die digitale taal van ons tyd aan te leer. In baie gevalle is dit as bedreiging gesien eerder as 'n geleentheid om soos in die sendingveld, 'n nuwe taal aan te leer om meer mense te kan bedien. Toe die grendeltyd ons tref het die meeste kerke vir die eerste keer oorweeg om digitaal byeen te kom. Welkom, Kerk, by die vierde industriële revolusie ...

Hierdie revolusie gaan minder oor tegnologie as wat dit gaan oor die integrasie daarvan in ons interaksie met mekaar. En dit is hier waar die kerk in baie gevalle die punt gemis het. Vir baie

gelowiges is die internet, sosiale media, aanlynbyeenkomste, ensovoorts deel van die vorige industriële revolusie, die digitale revolusie wat (baie ooreenkomstig) gaan oor rekenaars wat mense vervang.

In so 'n lig gesien is die digitale of aanlynwêreld natuurlik die vyand van geloofsgemeenskappe wat juis die interaksie met die medegelowige belangrik ag. Maar dit is nie waar ons nou is nie. Hierdie vierde groot skuif wat in 2015 amptelik sy naam gekry het, gaan nie oor mense wat deur tegnologie vervang word nie – juis nie! Dit gaan oor mense wat tegnologie gebruik om

nader en meer “connected” met mekaar te wees. En dit is juis wat die kerk wil hê ... koinonia-gemeenskappe wat meer van hulle lewe met mekaar deel.

Dit is eintlik vreemd dat ons so lank gevat het om raak te sien dat die aanlyn wêreld vir ons méér toegang tot die gemeenskap van gelowiges kan gee eerder as om dit te bedreig. Moontlik omdat die meeste kerkleierskap nie die generasie is vir wie digitaal 'n eerste taal is nie. Vir die gemiddelde lidmaat van die NG Kerk voel dit vreemd om selfs te dink oor die moontlikheid dat 'n aanlynbyeenkoms regtig kerk kan wees.

Vir baie ander (en in baie gevalle jonger) gelowiges is die digitale kanaal een waardeur hulle werklik kan omgee vir ander, ander emosioneel én finansiële kan ondersteun, ander geestelik kan versterk, die Goeie Nuus oor Jesus kan uitdra, saam kan bid, aanbid en God se Woord kan hoor. Dit is mos juis wat die kerk doen ...

Hierdie digitale taal is nie ons almal s'n nie. Maar dit hoef ook nie 'n bedreiging vir die kerk te wees nie. Hier is juis 'n nuwe deel van die kerk besig om op te staan, een wat digitaal geroep is om deel van die huisgesin van God te wees. 'n Digiklesia.

► Ds Francois Lamprecht is 'n leraar by die NG gemeente Pellissier in Bloemfontein.

“Vir die gemiddelde lidmaat van die NG Kerk voel dit vreemd om selfs te dink oor die moontlikheid dat 'n aanlynbyeenkoms regtig kerk kan wees.”

Vyf wenke om ten volle kerk te wees

FRANCOIS LAMPRECHT

Wéés kerk aanlyn!
“Dit is oulik, maar dis nie regtig kerk nie,” sê hy vir my. “Die mense kan darem die Woord hoor tot ons weer regtig kerk hou.”

Nie die eerste of laaste keer wat ek dit sou hoor nie. Wanneer gelowiges praat oor aanlynbediening kom ons heel gereeld by die vraag of aanlynkerk nou regtig kerk kan wees? En die maklikste antwoord is sekerlik: Nee! Hoe kan ons gemeenskap van gelowiges om die Woord van God en onder die weerklank van ons lofliedere nou vervang met alleen sit voor 'n skerm?

As daar egter een ding is wat die grendeltyd ons kom leer het, is dit om kritiese vrae te vra oor ons kerkwees. Maar kerk, weet ons, is baie meer as net 'n byeenkoms in 'n gebou. So, hier is vyf maniere waarop ons aanlyn ten volle kerk kan wees:

1. Soos byna elke predikant die laaste ses maande uitgevind het kan die evangelie met groot sukses aanlyn

verkondig word. Trouens, die Goeie Nuus kan nou baie wyer verkondig word aan 'n baie groter gehoor as wat Sondag in die kerkgebou sou sit. Die uitdaging is om dit só te deel dat ander daarna sal luister.

2. Aanlyn kan ek betekenisvol kontak maak met ander. Die navorsing is duidelik hieroor – jy kan digitaal 'n betekenisvolle emosionele konneksie maak met iemand. Dit beteken jy kan ander gelowiges emosioneel ondersteun, jy kan hulle laat weet dat hulle nie alleen is nie.

Om die waarheid te sê, dit is so effektief dat daar wêreldwyd nou groot aanlyntherapieentrums is – waarvan baie deur mediese fondse onderskryf word! Platforms soos Togetherall (<https://togetherall.com/en-gb/>) en Talkspace (<https://lp.talkspace.com>) het duisende kliënte wat reken hulle kry beter resultate as met konvensionele terapeute. Dit het natuurlik verreikende gevolge vir pastoraat. Huisbesoek kan 'n totaal nuwe betekenis kry. Dit

hoef nie almal se voorkeur te wees nie, maar waar fisiese kontak nie 'n opsie is nie of mense se komplekse lewensritmes dit andersins onmoontlik maak, bied hierdie 'n sinvolle alternatief.

3. Aanlyngebedstoeps en -platforms maak dit al hoe makliker vir gemeenskappe om vir mekaar te bid. Nie dat jy enigiets meer as WhatsApp nodig het om uit te vind waarvoor jy vir iemand kan bid nie.

4. Die meeste kerke het reeds buiten die tradisionele bankbesonderhede ook aanlynbetaalportale soos Payfast of Zapper en Snapscan ontdek. Dit help natuurlik ook om die risiko van kontanthering te verminder (en mense is geneig om meer te gee aanlyn! <https://nonprofitsource.com/online-giving-statistics/>).

Die geleentheid om aanlyn te gee help ook om hulpbronne baie vinniger en baie verder te versprei. Jy kan aanlyn onmiddellik en direk betrokke raak by noodverligting ongeag waar dit is.

5. Dan is daar natuurlik die uitdagendste manier om kerk te wees aanlyn – deur jou eie teenwoordigheid. Net soos in die res van ons lewe het ons aanlyn die geleentheid om deur ons eie woorde en gedrag vir ander te wys hoe Jesus lyk. Die soms negatiewe, bitter digitale kultuur van ons tyd maak dit eintlik maklik om uit te staan. In 'n wêreld van fopnuus, selfgesentreerdheid, haatspraak en mense wat altyd iets kry om oor kwaad te wees is dit maklik om uit te staan met 'n teenwoordigheid wat getuig van hoop, geloof en liefde.

Wéés so kerk aanlyn! Voordat ons die geboue terugkry en dalk te vinnig weer gemaklik raak daarbinne.

As jy belangstel in die moontlikhede wat digitale bediening bied sowel as die uitdagings wat dit aan die plaaslike gemeente bied, kyk gerus uit vir Digiklesia se gratis webinaar later vanjaar waar kenners in die velde van teologie, tegnologie en kuns gemeentes sal bedien met kennis en hulpbronne om die bediening te ondersteun.



Zoom-gesprekke soos dié het deel van duisende werkendes se daaglikse kantooruitsig geword. Hierdie skermgreep, ter illustrasie, is geneem tydens een van Bybel-Media se virtuele ontmoetings vroeër vanjaar. Skermgreep via Zoom

Ervarings van 'n Zoominee

'Is dit hoe ek lyk as ander MOET luister?



TOIT WESSELS

*Jou vabond, wag, ek sal jou kry,
van jou sal net 'n bloedkol bly
hier teen my kamermure.
Deur jou vervloekte gonsery,
deur jou gebyt en plaery
kon ek nie slaap vir ure.*

Dit is hoe AD Keet sy beroemde gedig oor die muskiet begin. Ek weet ons elkeen lê op 'n tyd snoesig in die bed en hoor die ge-Zoem van die muskiet. Hoe meer jy klap, hoe meer word jy wakker. Hoe minder jy aan die muskiet probeer dink, hoe meer dink jy aan hom. So gaan die spel in die nag voort totdat die wekker "net toe jy jou oë toemaak" ook begin zoem.

Dan staan jy op – vandag Zoem of Zoom ons voort. Skoene en 'n werksbroek is vandag nie nodig nie, die half

stukkende sweetpakbroek en slippers sal doen. Net die mooi K-way top bo-oor die slaaphemp, gesig afspoel en 'n bietjie hare kam, is wat vandag soos die vorige vyf maande nodig is.

Dit is tyd vir rekenaar aanskakel, seker maak die hoop strykgoed in die agtergrond is weggebêre, die kasdeure is toe en die ander persone en diere in die huis weet die kamer en harde geluide is vir die volgende veertig minute verbode. Dan die skakel tussen al die e-posse of WhatsApps soek, daarop klik of 'n baie lang vergaderingskode en wagwoord intik.

En siedaar, daar sit jy en jou meditasiegroepie. Bymekaar maar uitmekaar. Saam, maar alleen. Sommige vanaf bewende selfone, ander vanaf HD-rekenaarskerm en sommige so op en af met hulle sein soos die Protea-krieketspan se uitslae. Ander bid weer saggies, hou Wifi hou. Vandag is daar darem 'n paar

voordele, niemand se parfuum gee jou 'n hoofpyn nie, jy kan moeilike vroe Goog- le indien jy vashaak en jy het jou gunsteling-kombersie op jou skoot. Stiltes was nog nooit almal se vriend nie, maar soms raak die Zoom-meditasie regtig stil. Behalwe vir wanneer iemand begin praat terwyl hulle nog ge-"mute" is, is daar ook altyd daardie oomblik waar elkeen sit en wonder, praat die persoon nog, of sit hulle net baie stil en dink?

'n Groot deel van kommunikasie is nie verbaal nie, dit is lyftaal, maar nou sien jy tydens die hele vergadering jou gesigsuitdrukking. Is dit hoe ek lyk as ek nie luister nie? Is dit hoe ek frons as hy begin praat? Is dit hoe ek my mond trek as sy dieselfde storie as laasweek vertel? Is dit regtig hoe my gesig lyk wanneer ek praat en ander MOET na my belangrike punt luister?

En dan raak die bymekaarkoms lank. Die veertig minute se uitskop/afskop

kom al nader. Sommige kies om te praat totdat hulle uitgezoom word. Ander maak solank gereed, kry die muis oor die "Leave meeting"-knoppie gereed. Maar voor die vertrek, kom daar eers die ongemaklike groet. Moet jy net waaï? Moet jy vir almal baai sê of moet jy net stilsit tot almal die vergadering verlaat het?


Dan is dit vir eers klaar. Vir eers want nou-nou Zoom jy weer verder met 'n nuwe groep. In die woorde van die 2002 James Bond-flik – *Live to (die) zoom another day* of dalk eerder die 1983-flik *Never say never*.

Na gelang van die soveelste Zoom-vergadering, zoem jou kop en is dit gelukkig weer bed-tyd. En kort voor lank sien jy weer jou ou vriend die zoemer, die vabond. En teen dié tyd voel jy hoe hy elke dag meer en meer deel van jou bestaan raak. En dan dink jy weer aan AD Keet.

*Hoe sedig sit hy, o, die kring!
Sy kinders kan maar kranse bring,
nou gaan die vabond sterwe ...
Pardoen! Dis mis! Daar gaan hy weer!
Maar dood sal hy, sowaar ek sweer –
My naam is Zoominee!*

► Ds Toit Wessels is 'n leraar van die Agter-Paarl geloofsgemeenskap. Toit bly langs die Bergrivier en slaap elke aand met Tabart langs sy bed.

'n Groot deel van kommunikasie is nie verbaal nie, dit is lyftaal, maar nou sien jy tydens die hele vergadering jou gesigsuitdrukking.



Openhartige boek van koerantman 'n gids vir verwardes, verwondes, of vasgelooptes

Jesus vir almal: Die gay-gesprek in die kerk deur Neels Jackson
Uitgewer: Lux Verbi, 2020
Resensent: Louis van der Riet

Wat is anders aan kerkgesprekke wat begin met die vraag: *Wie is Jesus?* Dit is Neels Jackson, voormalige redakteur van *Kerkbode* en kerksakejoernalis, se vertrekpunt vir sy nuutste boek, *Jesus vir almal: Die gay-gesprek in die kerk*.

Die eerste en grootste deel van hierdie boek is Jackson se toeganklike getuigenis oor sy reis om Jesus beter te leer verstaan. Hierdie insigte oor wie Jesus is, het diepgaande implikasies. Dit strek veel verder as die gesprek oor gay

mense. Die skrywer begelei die leser om te verstaan hoe 'n eerlike worsteling met die vraag 'Wie is Jesus' jou anders kan laat dink oor kwessies soos politiek, ras, gesinsverhoudings, manlikheid en vroulikheid, en armoede en rykdom. Deur te begin met hierdie grondliggende oortuigings is dus nie 'n strategie om gevolgtrekkings oor gay mense en die gay-gesprek in die kerk te regverdig nie. Dit is eerder 'n onvermydelike uitnodiging om self die vraag te vra: *Wie is Jesus, vir my?*

Jackson se eie antwoorde en ontdekkingsreis met die implikasies van hierdie vraag vir gay mense, is helend. Die boek kom plaas die skrywer se eie avontuur met hierdie vraag langs die lewens-

verhale en geloofsworstelings van gay mense. Jackson erken dat dit 'n herinterpretasie geveeg het van sy eie geloof en sy verstaan van die Bybel. Deur dit te doen, help die skrywer die leser om ook die brug te slaan tussen wat ons glo oor God en hoe daardie geloof uitspeel in ons optredes. Dit is bevrydend en lewegewend, nie net vir gay mense nie, maar vir elke gelowige.

Die vier dele van die boek dek 'n ver skeidenheid van onderwerpe en vrae oor die Bybel en oor menslike seksualiteit, en tree in gesprek met daardie vrae wat na aan gelowiges se hart sit.

Een van die mees waardevolle bydraes van *Jesus vir almal*, is dat gay mense hulle eie stem in hierdie boek sal

herken. Nie net word die geloofsreise van gay mense met integriteit en deernis begryp nie, maar daar word ook erkenning gegee aan die vele wonde wat deur die kerk veroorsaak word. Jackson erken: "Nêrens anders in die kerk het ek soveel pyn gesien en gehoor soos in die verhale van gay mense in die kerk nie." As gerespekteerde kerkjoernalis vir byna 30 jaar, dra Jackson se erkenning van die wonde van gay mense werklik gewig.

Hierdie toeganklike boek sal 'n uitstekende gids wees vir enige persoon wat dalk verward, verwond, of vasgeloop gelaat is deur die gay-gesprek in die kerk.

► *Ds Louis van der Riet is predikant by Parke Gemeente in Kraaifontein.*

Die volgende Kerkbode verskyn op 9 Oktober 2020.

Wat is die doel van jeugbediening?

The end of youth ministry? Why parents don't really care about youth groups and what youth workers should do about it deur Andrew Root

Uitgewer: Baker Academic, 2020
Resensent: Gerrie Bodenstein

Die lewêreld van moderne jongmense (Gen-Z) is een waar kalenders oorvol is met sport, ekstra klasse en kultuur, om nie eens te praat van TikTok en Instagram nie. As die Google Calendars te vol raak, is kerk gewoonlik die eerste 'aktiwiteit' wat die trekpas kry. Vandag voel dit vir baie wat betrokke is by jeugbediening, of 'kerk' net nog een van 20 ander aktiwiteite geword het waaruit jongmense kan kies.

Andrew Root plaas hierdie gedagtes in perspektief in *The end of youth ministry?* Hierin probeer hy die vraag beantwoord: *Wat is die doel van jeugbediening?* Root, wat in baie toeganklike taal skryf, gebruik 'n outo-etnografiese benadering om lesers, deur verskeie verhale, op reis te neem en uiteindelik hierdie vraag te probeer beantwoord.

Hierdie is nie net nóg 'n boek oor jeugbediening wat jou gaan help met jou volgende aanddinsreeks of jou volgende pizza-aand by die kerk nie. *The end of youth ministry?* is nie 'n praktiese boek met aktiwiteite en idees nie. Dit gaan jou uitdaag om dieper oor jeugbediening te dink en die onderliggende vrae van jeugbediening te vra: Waarmee is ons besig, en waarom is ons daarmee besig? Die boek help jou dalk nie met praktiese raad nie, maar dit help jou om die lewêreld van moderne jongmense beter te verstaan.

Sonder om vingers te wys en oorkrities te wees, gebruik Root onder andere filosofie en popkultuur (oa Aristoteles, Martin Luther, Dietrich Bonhoeffer, Charles Taylor, Taylor Swift, Stranger Things en Demi Lovato) om die moderne (gesekulariseerde) lewêreld van Westerse middelklas-jongmense te beskryf.

Hy lei lesers deur die geskiedenis van jeugbediening tot vandag, om die dikwels onbewuste filosofiese motiverings wat individue in die Westerse samelewing dryf, te onthul en te beskryf.

Terwyl hy die vraag van die boek beantwoord, plaas Root die rol wat ouers in jongmense se besige lewe speel ook in perspektief, terwyl hy stoei met verskeie ander onderwerpe soos verbruikersmentaliteit, geluk, moraliteit en identiteit.

Sonder om te veel *spoilers* oor die boek te gee, is dit volgens Root, gelukkig nié die einde van jeugbediening nie. Hy bied 'n breedvoerige argument oor die doel van jeugbediening, wat van groot waarde kan wees vir ons konteks.

Alhoewel dit 'n ongewone boek oor jeugbediening is en vanuit 'n Amerikaanse konteks geskryf is, is dit na my mening 'n uiters belangrike boek vir enige persoon wat met jongmense in die kerk te doen het. Dit is 'n uitdagende boek wat jou sal konfronteer met verskeie "vanselfsprekende" jeugbediening-gewoontes wat ook in ons gemeentes kop uitsteek. Kenda Creasy Dean, self 'n swaargewig jeugbedieningskrywer, sê oor dié boek "Root's most important youth ministry book to date."

► *Ds Gerrie Bodenstein is leraar by NG Gemeente Skuilkrans in Pretoria.*

Speke sing vir Bybel

CHRISTEL HERBST

Op Sondag 6 September het ds Willem Pretorius van NG Pro-teapark in Rustenburg saam met fietsryers van die gemeente en plaaslike fietsryklub 'n sirkelroete van 70 km gery vir die bewusmaking van Bybelverspreiding in Afrika deur *Bibles for Africa*. Heelwat donasies vir hierdie goeie werk is ook reeds ingesamel.

Bibles for Africa se fabriek en pakhuys is in Rustenburg. Hulle druk, bind en versprei Bybels in veral vlugtelingskampe soos Kakuma in die noordweste van Kenia en Bidi Bidi in die noordweste van Uganda. Hulle fokus ook op die verspreiding van Bybels in die suide van Soedan.

Gedurende die grendelstaat het hulle 90 000 Bybels in verskillende tale gedruk en gebind en hulle begin hierdie week met 40 000 Franse Bybels vir vlugtelingskampe in Zambië. Hulle het die regte vir die druk en verspreiding van Bybels in meer as 800 verskillende tale.

"Baie dankie vir elke persoon wat saam met ons getrap het, asook ingeskakel het op die regstreekse uitsendings deur die oggend. Ons is gemaak om spore te los en 'n verskil te maak, en ek glo dit is wat ons vandag gedoen het," vertel Pretorius.

Bewus is bewapen: Oor persoonlikheid, blindekolle en ontwikkeling

JURIE VERMEULEN

Ons het almal tot vervelens al die sensasionele opskrifte gelees: “*Bekende kerkleier skuldig aan ...*”, gevolg deur ’n hele lys van morele “sondes”. Van immoraliteit en verdagte strategieë om groter offergawes te verseker; tot die wanaanwending van fondse en vals wonderwerke aan die ander kant!

In hierdie vierde artikel van ons leierskapreeks trek ons die tweede laai van Paulus se leierskapkabinet oop. Hier deel hy sy gedagtes rakende die wisselwerking tussen *leierskap* aan die een kant, en die *persoon* aan die ander kant (goed soos *karakter, persoonlikheid* en *styl*).

Karakter word beskryf as die unieke mengsel van persoonlike oortuigings en morele beginsels waarop mense hulle lewe baseer. Karakter word belangrik as ons in gedagte hou dat leierskap ten diepste ’n waardebelaaide, doelgeoriënteerde sosiale funksie is. Waardes funksioneer soos die fondasie van ’n gebou: Die vorm, sowel as sterkte van die fondasie bepaal die vorm en sterkte van die gebou self. Niemand bou immers ’n ronde gebou op ’n vierkantige fondasie,

of ’n groot huis op ’n hoenderhok se effense fondasie nie? Net so bou *Pauliniese leiers* hulle karakter op die *vorm* van die fondasionele geloofsbeginsele en -waardes soos beskryf in die Nuwe Testament. Voorbeelde van sulke leierskapfondasies kry ons in 1 Timoteus 4 en Titus 1.

Maar leiers se *persoonlikhede* speel ook ’n kritieke rol in hulle optrede. Sosiale vaardighede, reaksies en response, kommunikasie- en konflikthantering, asook gesindhede, maak deel uit hiervan. Carl Jung het ons bekendgestel aan die konsep van ’n “*persoonlike skaduwee*”, iets waarop almal, maar veral leiers, uiters bedag moet wees. Dit beskryf die blindekolle en swakhede in ons monderings; dit is die eienskappe wat ons maak of breek in ons lewensrolle. Paulus verwys dikwels hierna in sy briewe deur geykte uitdrukkings soos “*vleeslik*” en “*sondige natuur*” te gebruik. Hy skryf: “*Daar is by my wel die wil om die goeie te doen, maar ek doen dit nie ... die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek*” (Rom 7:18-19).

Laastens beskryf *leierskapstyle* bloot die dinamiese interaksie tussen leiers se

karakter, persoonlikheid en *skaduwee* en hoe dit realiseer in hulle unieke leierskap.

Die antieke Chinese, Egiptenare, Grieke en Romeine het duidelike karakterstandaarde geformuleer vir hulle leiers. Hiervolgens moes hulle hulle persoonlike swakhede oorwin en mense lei soos dit ideale rolmodelle betaam. Meer onlangs het Fred Kiel navorsing gedoen onder 121 maatskappye en ontdek dat organisasies met sterk waardegefundeerde leiers en korporatiewe kulture gemiddeld 500% meer winsgewend was as die res! Genoeg rede vir alle maatskappye om ondubbelsinnig meer van hulle leiers te verwag in die karakterafdeling!

Leiers se taak het vandag eksponensieel moeiliker geword omdat *objektiewe waarheid*, sowel as die daarvan afgeleide beginsels wat die fondasies moes vorm van hulle lewe, gesneuwel het in ons kultuuroorloë. Hoe gemaak? Wel, bewus is bewapen, maar ’n hernude fokus op persoonlike groei – sielkundig, sosiaal, fisies en geestelik – word krities; holistiese leierskapsontwikkeling, absoluut noodsaaklik. Verder word pre-



stasie-evaluasies, deursigtigheid en verantwoordbaarheid onontbeerlik.

Leierskapsontwikkeling moet institusioneel word in ons organisasies. Jare gelede het ’n totale (taktlose!) vreemde-ling, tot my groot ontsteltenis, gesê dat God beplan om my as leier te gebruik in die toekoms – Hy gaan egter eers van my ego ontslae moet raak, voordat dit sal kan gebeur. Die “ego-afbreek” verstaan ek nou goed, wat betref die leierskap-idee ... sal moet wag en sien.

► Dr Jurie Vermeulen is nasionale direkteur van FEBA Radio SA. Besoek www.febaradio.co.za vir meer inligting.

Klein venstertjies op God



Die troue en almagtige Skeppergod

Droogte, onvrugbaarheid en swak oeste is oor die eeue dikwels met die afwesigheid en onttrekking van die gode geassosieer. Veral in die heidengodsdienste van die Ou Nabye Ooste. Die Baälaanbidders het droogte en onvrugbaarheid as die afwesigheid van Baäl beleef. Dié heidense “geloof” moes groot impak op die ballinge in Babel se wankelende geloof gehad het.

Hierdie “geloof” en oortuiging bestaan steeds in sekere landboukringe. Droogte en onvrugbaarheid word deur baie gelowige boere as ’n teken van God se afwesigheid en onbetrokkenheid beleef. ’n Aanduiding dat Hy nie meer in beheer van die skepping en natuur is nie.

Die kosmiese beelde in Jesaja 41:17-21 is ’n troos dat God honderd present in beheer van sy skepping is. Hy laat nooit die werke van sy hande vaar nie. Hy omskep kaal bergtoppe en dor woestyne in ’n groen lushof. Namakwaland, met sy pragtige blomkometers, is ’n sprekende voorbeeld daarvan.

Daarom sê die Here vir die moedelose ballinge: “Ek sal op die kaal bergtoppe riviere laat ontspring, en in die laagtes fonteine laat uitborrel. Ek sal woestyngebied in rietvlei verander, dor land in fonteinwêreld” (Jes 41:18).

– Kobus Smit Photography
fineartamerica.com/profiles/kobus-smit
Foto van die pieke op Stellenbosch.

VERSTAAN die Bybel

Hondebegravingplaas en geloofsgenesing

FANIE CRONJÉ

In Deuteronomium 23:18 in die Afrikaanse vertaling (1983) staan daar: “Wanneer jy ’n gelofte afgelê het, mag jy nie die loon van ’n prostituut, of dit nou dié van ’n man of ’n vrou is, na die huis van die Here jou God toe bring nie. Hy het ’n afkeer van hierdie twee dinge.” Indien ons na die Hebraëuse Ou Testament toe gaan, sien ons dat dit daar vers 19 is en dat indien ons dit direk vertaal daar staan: “Nie jy mag inbring die huurgeld van ’n prostituut en die prys van ’n hond in die huis van JHWH jou God as enige gelofte-offer nie; want ’n gruwel vir JHWH jou God – ja al twee” (eie direkte vertaling).

Duidelik gaan dit hier oor wat nie by die kultus, of tempel (“die huis van JHWH jou God”) mag gebeur nie. Die

meeste Bybelvertalings interpreteer die Hebraëuse woord “hond” as verwysing na manlike tempelprostitute. Dus gaan die vers vir die meeste Bybelinterpreteerders oor seks. Die vraag is of dié interpretasie geldig is en of dit nie eerder ’n aanduiding is van Christene se ongemak/beheptheid met seksualiteit nie?

In Hosea byvoorbeeld, word Israel se ontrou aan die Here aan die hand van ’n prostituut-metafoor beskryf. In Hosea gaan dit nie oor “onregmatige” seks nie, maar oor ontrou aan die Here. Dit gaan in Hosea nie oor watter seks reg of verkeerd is nie, maar oor gelowiges wat naas hulle vertroue in die Here, hulle vertroue óók nog in die een of ander bygeloof stel.

Daar is voldoende argeologiese en so-

siokulturele resultate wat daarop dui dat honde in talle antieke kulture in verband met genesingskultusse gebruik is. By Askelon is daar byvoorbeeld ’n hondebegravingplaas met die gedeeltelike tot volledige oorblyfsels van 1 500 honde gevind (5de eeu vC). Dié honde is nie daar ingegooi nie, maar een vir een in vlak grafte geplaas. Die huidige konsensus is dat dit met die een of ander Fenisiese genesingskultus verband hou.

Honde se instinktiewe lek van eie wonde as deel van die genesingsproses, is oënskynlik in verband met genesingskrag verstaan. Dat honde as deel van ’n Fenisiese genesingskultus beskou is, blyk duidelik uit die Fenisiese inskripsie op ’n middel-vyfde-eeuse kalksteenge-denkkraai wat op Siprus gevind is. Die

“genesingshonde” waarna die inskripsie verwys, het vrylik op die tempelreën aldaar rondgeleef.

In dié lig sou ’n mens kon vra wat presies is dit wat volgens Deuteronomium 23:18(19) vir die Here ’n “gruwel” is? Is dit (net) tempelprostitusie, of gaan dit dalk oor die afwysing van geloofs-genesingskultusse? Indien ons laasgenoemde interpretasie aanvaar, dwing dit ons om weer ’n slag te besin oor hoe ons as gelowiges oor siekte, virusse en genesing dink. Ons moet seker maak dat ons in ons nadenke oor virusse, siekte en genesing met geloof in God en nie met bygeloof besig is nie.

► *Dr Fanie Cronjé is predikant van die NG gemeente Riviera-Jakaranda in Pretoria.*

TERUG NA DIE TOEKOMS

Ouma is dood: ’n Verbeelverhaal

JOHAN VAN DER MERWE

Ouma is dood. Covid-19 het skielik ’n naam gekry – Cornelia Johanna Maria van Zyl – vir ons somer oma Nollie. Ouma Nollie het die Groot Griep van 1918 oorleef, maar teen Covid-19 kon sy nie meer veg nie. Sy het dikwels vertel van die pestilensie en Swart Oktober van 1918 maar ons het tot nou toe nie mooi verstaan nie.

Ouma het vertel hoe alles toegemaak het, skole, winkels en selfs die poskantoor, maar dat hulle steeds elke Sondag in die kerk bymekaargekom het. In party dorpe soos Uitenhage, waar haar suster gebly het, is alle samekomste verbied. Daar is lidmate aangemoedig om

hulle tydens huisgodsdienste voor God te verootmoedig. Sondag 3 November 1918 was ’n spesiale dag van verootmoediging en gebed. Ouma onthou dat dominee nie doekies omgedraai het nie. Die epidemie was die swaar hand van God wat op die land en sy inwoners gerus het. Daarom moes hulle “ontferming van God afsmeek en hulle sonde en skuld teenoor Hom bely.” Sy het altyd geglimlag as sy vertel het van die Nagmaal in November 1918. Die wyn is vir die eerste keer in sulke klein glasies bedien. Dominee het verduidelik dat dit sou help dat hulle mekaar nie aansteek nie. Teen die tyd dat oma aangeneem en voorgestel is, het amper almal eerder

die klein glasies, wat kelkies genoem is, gebruik. Dit was net oom Piet en ’n paar stoere ooms wat aangedring het om steeds die groot beker te gebruik.

Ons het oma Nollie tydens die inperking darem een keer gesien. Dit was tydens ’n “grendelkuier”. Ons moes twee uur by die aftree-oord wees. By die agterdeur wat op die parkeerarea uitgeloop het was ’n blou gazebo opgeslaan. Ouma het presies twee uur uitgekome en op ’n plastiekstoel agter ’n staaltafel gaan sit. Ons is beduie om teenaan die gazebo te parkeer sodat ons gemasker deur die oop venster van die motor met oma kon kuier. Vyftien minute later is oma teruggeneem die

gebou in. Ek onthou hoe sy gevra het waarom hulle soos gevangenes toegesluit word. Ons het maar probeer verduidelik en probeer troos ...

Ons het oma nie weer gesien nie. Bettie wat oma so mooi versorg het, maar wat elke oggend met ’n oorvol taxi werk toe gekom het, het eerste siek geword. Ouma is ’n paar dae later in die siekeboeg opgeneem, later met ’n ambulans hospitaal toe voordat die oproep gekom het. Ouma is dood. By die diens waar oma se lewe gevier is, kon ons nie wees nie. Ons het darem op Zoom ingeskakel ...

► *Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.*

GESTUUR

LOURENS BOSMAN

Terwyl ek omdraai huis toe nadat ek vergeet het om ’n masker saam te vat winkel toe, dink ek aan die minister van gesondheid se waarskuwing: “Moenie julle waaksaamheid verslap nie. Dra julle maskers, was julle hande, behou fisiese afstand, vermy plekke waar mense saamgedrom is.”

Terwyl die infeksie- en sterftesyfers afneem, is dit maklik om te begin ontspan. Totdat jy by die winkel kom en moet omdraai huis toe. Of wanneer iemand wat jy ken aan ’n Covid-verwante toestand sterf. Dan onthou jy weer om aan te hou.

’n Lewe in die voetspore van Jesus is ook baie so. Die groot ding is om aan te hou.

Aanhouer wen

Die Bybel praat nie van sukses as dit gaan oor geloof en dissipelskap nie, net van volharding. Die een wat die prys behaal, is nie die een wat eerste kom nie, dit is almal wat die wedloop voltooi. Volharding in die Bybel gaan eerstens daarvoor om jou eie geloof te behou, om nie onder druk of swaarkry die wedloop te verlaat nie. Maar dit gaan ook oor aanhou goed doen, aanhou liefhê, omgee, uitreik, help.

In die tyd van die harde inperking het honderde gemeentes en duisende NG lidmate hulle hart en hande oopgemaak vir mense in nood. Daar was ’n golf van goedheid in die land. Dit is iets wat ons uitstekend doen – om in krisis te help. Maar nou hou dit lank aan.

Die pandemie kry nie end nie en dit lyk ook nie of dit gou gaan gebeur nie. ’n Mens hoor al meer dat gepraat word van normaliteit teen die middel tot einde 2021. Die ekonomiese effek van die inperking gaan nog lank met ons wees. Die Wêreld Ekonomiese Forum praat van ’n “*crisis like no other*” en “*an uncertain recovery*”. Baie mense se nood gaan nie skielik verdwyn nie en dit tref wyd: ekonomies, geestelik, verhoudings, eenzaamheid.

Die wêreld waarin ons leef, is gewoond aan vinnige oplossings vir groot probleme. Die Bybel is nie. Dit kom uit ’n tyd waarin baie probleme nooit opgelos word nie en waarin gelowiges moes aan-

hou glo en goedgevoel ten spyte van persoonlike opofferings en swaarkry. Die beginsel van volharding herinner ons dat om Jesus enduit te volg, nog nooit maklik was nie. Dit stel hoë eise en daarom herinner die Bybel ons kort-kort om nie moeg te word en uit te sak nie.

Dit is nou ’n goeie tyd om te dink en te praat oor volharding. Hoe gaan ons oor van krisisbestuur na iets volhoubaar, na ’n lewensstyl? Korttermynprojekte is by tye uiters belangrik en red lewens. Maar gestuurdheid gaan oor jou lewe. Dit gaan oor volharding.

► *Dr Lourens Bosman is die algemene bestuurder in die kantoor van die Algemene Sinode.*



‘Ek weet wie my Skepper is’

Klassieke skoonheid. Vrye gees. Kreatiewe siel. Dis moeilik om een woord te vind of ‘n enkele frase te formuleer om haar mee op te som; die aktrise Erica Wesels is ‘n vrou met vele lae wat haar menswees kenmerk. Boonop het sy ‘n jaar gelede ma geword.

Ons ontmoet mekaar by The Alpaca Loom net buite die Paarl. Die waterplasse lê die wêreld vol ná die onlangse goeie reën. Erica is professioneel en gefokus vir ons voorblad-fotosessie. Sy is aantreklik. Misterieus in haar boheemse uitrusting, al staan sy ook by ‘n trekker. Daar is ‘n alpakka genaamd “Daniel” langs haar én modder onder haar stewels.

Haar lewe is besig en vol. “En kleurvol,” vertel sy later. Die dag ná ons gesprek meld sy haar weer, soos elke dag in hierdie besige tyd, by ‘n rolprentstel aan waar daar ‘n nuwe romantiese flik geskiet word.

En haar man Willem se dogtertjie, Stella Kato, word binnekort ‘n jaar oud.

Hierdie aktrise verkies rolle wat haar uitdaag om al die lae van haar menswees te ontdek en te verken. Dit sal noodwendig rolle wees, sê sy, wat haar uit haar gemaksonde dwing. Deesdae is daar natuurlik ‘n nuwe rol wat dit alles regkry, en meer – dié van ma. DEUR JANA DU PLESSIS MÜLLER

Om jousef te verloor


“Stella het ons lewe heeltemal kom verander,” sê Erica. “Dis ‘n baie ‘real’ ontdekking; glad nie romantis nie. Maar dis nie onverwags nie. Die dag toe ek ‘n ma geword het, het ek geweet my lewe sal nooit weer dieselfde wees nie.”

Wanneer Erica so praat, is haar stem melodieus, sterk. En wanneer sy oor Stella gesels, is daar ‘n glimlag en sagtheid in haar oë.

“Daar is iets daaraan om ‘n ma te word, iets wat baie mooi is. Jou fokus verskuif van jousef na hiërdie mens. Dis verreikend om jousef te verloor ... én om jou dan daaraan oor te gee.

“Ek en Willem is albei denkers, maar wanneer daar ‘n baba is om groot te maak, is daar nie tyd om oor allerlei dinge te tob nie. Jy maak jou hande vuil, jy raak besig. Hierdie nuwe mensie ontwikkel voor jou oë, dag na dag, week na week, maand na maand. Dis ‘n proses wat net nooit ophou nie, en dis uiters opwindend.

Lees die volledige onderhoud by www.lig.co.za en vind meer uit oor Erica se vreugde na ‘n “woestynpad”.



FOTO'S:
SALOMIEN SMAL
STILERING:
CARISSA BOSMAN
GRIMERING & HARE:
SUZANNE VAN
SKOONLIEF
FOTO'S GENEEM BY
THE ALPACA LOOM,
PAARL



Jy kan ook meer oor LiG se *aanlynlesersdag*, wat op 31 Oktober 2020 plaasvind, lees. Die gaskunstenaar is *Leah* en sprekers *Susan Coetzer*, *Hykje Berg* en *Helena Hugo* beloop om dit ‘n opwindende oggend te maak. Kaartjies vanaf R130 te koop.

Verklaring

Die NG Kerk spreek haar uit oor korrupsie

GUSTAV CLAASSEN

Die NG Kerk spreek haar kommer uit oor die hoë voorkoms van sistemiese korrupsie in Suid-Afrika en ondersteun die anti-korrupsieveldtog in ekumeniese verband.

Die voorkoms van korrupsie het 'n nuwe hoogtepunt (laagtepunt!) bereik tydens die Covid-19-pandemie. Kennis is geneem van die grootskaalse plundering van fondse wat bestem was vir die bekamping van Covid-19 en die beweerde onreëlmatighede met tenderprosesse wat daarmee verband hou. Senior regeringsamptenare en verkose ampsbekleërs is na bewering hierby betrokke asook talle privaatmaatskappye. Fondse wat veronderstel was om lewens te red, is misbruik en het geen verligting gebring vir die kwesbaarste mense wat die ergste getref word deur die pandemie nie. Met elke bewering verminder die vertroue tussen die staat en landsburgers. Dit is 'n reuse-terugslag vir die land se integriteit en die bekamping van die ekonomiese impak van die pandemie.

Tans word 307 sake, waarby R300 miljoen betrokke is, ondersoek asook 'n verdere 658 twyfelagtige Covid-19-tenders wat sowat R5,08 miljard behoort. Die beweerde korrupsie waarna verwys word, sluit in die toekenning van kontrakte aan persone wat verbintnisse met regeringsamptenare het asook persone wat voorheen in die staatsdiens gewerk het. Miljarde rande wat vir maatskaplike dienste en menslike ontwikkeling bestem is, gaan verlore weens hierdie daad wat niks anders as diefstal van belastingbetalersgeld genoem kan word nie. Hierdie vlaag van korrupsie help geensins om vertroue in te boesem dat daar vorentoe eerlik omgegaan sal word met enige geld wat geskenk of toegewys word om die Covid-19-pandemie te help beveg of om finansiële verligting te bring vir diegene wat dit nodig het nie.

In reaksie op die diepgaande en landwye korrupsie het die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) bekendgemaak dat hulle gedurende September 'n veldtog teen Covid-19-korrupsie gaan loods. Die SARK het besluit om die veldtog in September te hou omdat dit Erfenismaand is. "Korrupsie is nie deel van ons erfenis nie," is die boodskap wat die SARK wil beklemtoon. Die veldtog is bekendgestel tydens 'n aanlyn-erediens op Sondag 30 Augustus. Verskeie webinarre en massademonstrasies word beplan.

Die SARK, het ook saam met die Nelson Mandela-, Ahmed Kathrada- en die Desmond en Leah Tutu-

stigting, 'n beroep gedoen op Suid-Afrikaners om op te tree teen korrupsie. Sterk verklarings is ook deur die Katolieke en Metodiste Kerke uitgereik. Die NG Kerk, as lid van die SARK, ondersteun die oproepe en aksies ten volle. Tydens 'n aanlyn-konferensie op 2 September met president Ramaphosa en ministers het verteenwoordigers van godsdienstige groeperinge daadwerklike optrede teen korrupsie geëis.

Alhoewel president Ramaphosa reeds herhaaldelik gewaarsku het dat diegene wat die wet oortree en hulle self verryk, vervolg sal word, oordeel die NG Kerk dat hierdie uitsprake nie genoegsaam is nie. Die NG Kerk doen vervolgens 'n beroep op die regering om:

- voort te gaan met die onmiddellike skorsing, ondersoek, arrestasies en vervolging van die betrokkenes, ongeag wie hulle is;
- doeltreffende meganismes vir tenderprosesse in te stel om verdere risiko's te bekamp;
- spesiale anti-korrupsie-taakspanne wat tenderbedrog ondersoek en oortreders vervolg, in die lewe te roep;
- spesiale howe toe te wys om tenderbedrog te hanteer;
- inligting oor die oortreders van tenderbedrog te publiseer en bekend te maak;
- veilige ruimtes te verseker vir fluitjeblassers.

Die NG Kerk onderneem verder om:

- haar lidmate aan te moedig om weerstand te bied teen die versoeke van korrupsie;
- onvermoeid profetiese kritiek te lewer teen korrupsie en oneffektiewe metodes om korrupsie te vermy;
- ekumeniese samewerking met ander kerke te soek met die oog op die monitering van getuienis teen korrupsie op plaaslike vlak;
- etiese leierskap op elke vlak van die samelewing te bevorder deur bestaande inisiatiewe te ondersteun. Vanuit die Hugenote Kollege se Skool vir Goeie Regering in Afrika word nou ook 'n beweging, Integritas, met die oog op die herstel van die integriteit van plaaslike regerings geloods. Die beweging fokus op die bou van eerbare persoonlike waardes, skoon regering, en projekte waar die onderlinge verbondenheid in gemeenskappe versterk word rondom gedeelde waardes.

► *Dr Gustav Claassen is algemene sekretaris van die NG Kerk.*

AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE

Stuur Amptelike Nuus na Lida
Viljoen by lida@tydskrifte.co.za

NG KERK

BEROEP: Ds Landi Botha van Rietfontein-Suid na Lyttelton; ds Deseré de Beer van Hluhluwe na Hoopstad.

NOORD-KAAPLAND**BEVESTIGING**

Ds Andries Petrus (Dries) Coetzee is op 1 Aug 2020 as leraar in die NG Gem Philipstown bevestig. Ds Coetzee het op 30 April 2020 emeritaat aanvaar by die gemeente Keetmanshoop in Namibië. (NGK Philipstown, 01.09.2020).

NOORD-KAAPLAND**RINGSITTING**

Kennis word hiermee gegee van die 82ste sitting van die ring van Pietersburg/Polokwane op 20

Sep 2020 om 16.00 by Renosterpoort gemeente. (M Horn, Ringskriba, 03.09.2020).

VRYSTAAT**BEVESTIGING**

Ds Deseré de Beer van NG gem Hluhluwe het die beroep na NG gem Hoopstad aanvaar. Die bevestiging sal DV plaasvind op 1 Nov 2020. (Zibbie du Toit, Sakebestuurder, 28.08.2020).

GOUDLAND**RINGSITTING**

Die 82ste vergadering van die Ring van Lichtenburg vind plaas op Maandag 5 Oktober 2020 om 8:30 by NG gemeente Coligny. (Ds Ben Botha, Ringskriba, 09.09.2020).

NOORDELIKE SINODE**KURSUS OM AS SPIRITUELE BEGELEIER OPGELEI TE WORD**

Die kursus word in sewe blokke

van drie dae aangebied oor 'n tydperk van 15 maande. Die klem lê op ervaring en inoefening. Meestal by Stella-straatgemeente van die NG Kerk in Brooklyn, Pretoria, en gedeeltelik by Origins Retreatsentrum naby Krugersdorp. Dit val onder toesig van die NG Ring van Suidoos-Pretoria en is ook met Excelsus van die NG Kerk gekoppel. Predikante kan 150 VBO-punte verdien. Daar is sewe aanbieders betrokke. Volgende jaar se kursus sal die 12 de een wees. Aansoek sluit 30 Sep 2020 en die kursus begin op 22 Feb 2021. Volledige inligting te kry by sentrumvirspiritualiteit/aktiwiteite/kursusse/kursus in spirituele begeleiding. Navrae by Willem Nicol, wnicol@mweb.co.za of 083 966 7831.

Kerk groet gerespekteerde ds Kobus Potgieter

GERDRIE VAN DER MERWE

Met die afsterwe van ds Kobus Potgieter (99) op 18 Augustus 2020, verloor die NG Kerk nie net sy oudste leraar nie, maar groet ons 'n geslag predikante wat met 'n eiesoortige vroomheid en outentieke bedieningstyl die Here se kerk op voetsoolvlak gedien het. Jacobus Ernst Potgieter is op 21 Mei 1921 gebore in Benoni, standplaas van sy vader ds ST Potgieter, toe spoorwegleraar van die NG Kerk in Transvaal. Kobus se oupa was Koos Potgieter, 'n boer by Calitzdorp en Buffeljagsrivier naby Swellendam. Drie van sy vier seuns boer, terwyl ST Potgieter predikant word en 'n leeftyd lank leraar is van die NG Gemeente Delareyville.

Ds ST en Johanna Potgieter is kerklike baanbrekers in die streek en hulle het sewe seuns. Kobus Potgieter volg in die voetspore van sy vader en word predikant van die NG Kerk. Hy is net soos sy vader 'n goeie prediker, 'n ware evangelis, 'n nederige en 'n minsame mens, wat vreugde gevind het om mense by Jesus te bring.

Die jong Kobus begin sy skoolopleiding in 1927 aan Laerskool Delareyville en matrikuleer in 1939 op Heidelberg (Tvl). Hy voel geroepe om soos sy vader predikant te word en studeer van 1940 tot 1945 aan die Universiteit van Pretoria, waar hy die BA- en BD-grade verwerf. Hy is 'n inwoner van Sonop-koshuis en is in 1945 lid van Tukkies se studenteraad.

Na sy legitimasie aan die einde van 1946, bedien hy tot met sy aftrede die volgende gemeentes: Dalunie naby Brits, studenteleraar in Pretoria-Oos en

Universiteitsoord, ook Suidoos-Pretoria en Krokodilrivier (Brits) tot in 1988 met sy emeritaat. Hy trou in 1952 met Mercia van der Merwe en twee kinders, ST en Marthinet word gebore.

As lojale kerkman dien hy die NG Kerk op wye sinodale akkers, ook as moderator van die Algemene Sinode (1982-1986). Na die aanvaarding van "Kerk en samelewing", volg 'n stroomversnelling in die NG Kerk, waarmee ds Kobus Potgieter in sy fynbesnaarde gemoed by tye worstel. Maar nooit kon iemand twyfel aan ds Kobus se integriteit en eerlike lojaliteit aan die NG Kerk nie. Ons eer hom as fort van vrede in kerklike storms.

Ds Kobus Potgieter was lief vir mense; sy opregte belangstelling en warm menslikheid maak van hom 'n ware pastor. Dit word gevoed met omgee diep uit sy hart. Hy kon spontaan 'n geselsie aanknoop, mense se diepste pyn en hartseer aanraak en help op pad na genesing. Hy was altyd hoflik en sy deernisvolle kyk het die storie vertel van iemand wat op 'n nederige en innige manier verhoudings bou.

Iets van sy liefde vir die kerk van die Here bly aansteeklik. Met sy dood word die NG Kerk se aflosstokkie aangegee na sy seun dr ST Potgieter, skoonseun prof Nelus Niemandt, kleinseun ds Andries Dewald Niemandt met sy vrou ds Doret (Müller) Niemandt, ook aan ds Marco Koch, eggenoot van sy kleindogter Doret (Niemandt) Koch.

Oom Kobus, geniet die hemelstad waarna jy so reikhalssend uitgesien het. Die Here het jou gebede verhoor.



AKKOMMODASIE

BELLVILLE: Selfsorgenhede vir 4. Veilige parking. Naby Tygervallei. Billike tariewe. Skakel Alta 021 919 7161.

**BLOEMFONTEIN
@HOME**

Emil en Sandra. Vriendelik, rustig en veilig. Netjiese selfsorgeenhede met tuin en braai. Naby MediClinic, Mall, skole en universiteit.

Enkel: R350, dubbel: R470.
Groter eenheid: Spesiale tarief.
Skakel 051 444 0204 of
083 235 3000.

BLOEMFONTEIN

Oornagverblyf. DStv, lugreëling, badkamer. Veilige parking. Naby N1, skougronde, hospitale en inkopiesentrums. Vanaf R250. Skakel Hanlie, **084 400 2693.**
hanlidevilliers@webmail.co.za

**VAKANSIE-
AKKOMMODASIE**

BOGGOMSBAAI: Gerieflike vakansiehuis (slaap 6) te huur, enige tyd deur die jaar. Binne loopafstand van die see met pragtige strand. Volledig toegerus. Bel of stuur WhatsApp na 083 557 2131.

HERMANUS: Ruim, bekostigbare selfsorg gesinswoning aan privaat woonhuis naby die see. Veilige parking. Vanaf R600 pn. jdb@hermanus.co.za of 082 929 6350.

JEFFREYSBAAI: SANDKASTEEL. 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

KLEINMOND: Seefrontvakansiehuse, woonstelle en kothuse te huur. Besoek ons webtuiste: www.kleinmondprop.co.za. Skakel ons. Tel: 028 271 3047, sel: 083 700 4962.

MARGATE/MANABA STRAND: Ithaca woonstelle – stapafstand van Lucien- en Margate-strande. Oopplan woonstel – slaap 4 (2 volw & 2 kinders). Swembad, speelarea, braai- en ontspanningsgeriewe. Stapafstand van Manaba Spar. Inligting en foto's: Ester 073 268 0336.

**REEBOK/TERGNIET
(MOSSELBAAI)**

2 slaapkamerwoningstel (slaap 4) aan huis. Volledig toegerus. Baie netjies. Private tuin, onderdakbraaigeriewe. Dwars deur die jaar beskikbaar. Geen troeteldiere. Skakel 083 651 4517.

ST LUCIA: Bly twee dae in ruil vir R750 pd en kry 'n derde dag gratis. Ten volle toegeruste selfsorg meenthuis met DSTV en WiFi in veiligheidskompleks. 3 slaapkamers, slaap 6, 2 badkamers. Jammer, geen troeteldiere. Aanbod geld tot 1 November 2020. 035 590 1098, wetlands@iafrica.com

UVONGO: Selfsorgwoningstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R480 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietseplek.com

WILDERNIS: ARENDSNES. Volledig toegeruste 2 slaapkamer, see-uitsig, selfsorgwoningstel met binnebraai, DSTV, slaap 4/5. Beaty 083 231 0315, 044 877 0471. beatyv@absamail.co.za

**VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR VIR DIE
NG GEMEENTE PETRUS STEYN**

GEMEENTEPROFIEL: Die NG gemeente Petrus Steyn is 'n plattelandse gemeente, geleë in die Noord-Oos Vrystaat, ongeveer 200 km vanaf Johannesburg via die R59 en 280 km vanaf Bloemfontein. Die gemeente is in 1914 gestig en bestaan reeds deur die genade van die Here die afgelope 106 jaar. Die gemeente bestaan uit ongeveer 220 belydende en 40 dooplidmate, wat verdeel is in vyf plaaswyke en agt dorpswyke. Daar is 'n aftree-oord in die gemeente asook 'n laerskool en uitstekende hoërskole met koshuse in Heilbron (44 km), Reitz (35 km) en Bethlehem (90 km).

LERAARSPROFIEL EN AMPSPLIGTE: Die volgende is vir die kerkraad baie belangrik.

- Die aansoeker moet in 'n innige verhouding met die Here leef en oortuig wees van die roeping van die Here om as leraar diensbaar te wees in die gemeente.
- Van die aansoeker word Skrifgetroue Woordverkondiging en standpunte verwag, veral tov die maagdelike geboorte, opstanding, hemelvaart en weeroms van Jesus Christus en dat Hy die enigste Verlosser van die wêreld is, wat entoesiasies aangebied word en geestelike groei bevorder. Ook dat Hy wonderwerke gedoen het en dat die duiwel bestaan.
- Iemand wat geheg is aan die gereformeerde leer en belydenisskrifte van die kerk.
- Iemand vir wie veral huisbesoeke en ander pastorale besoeke belangrik is.
- Die aansoeker moet 'n aanvoeling hê vir die plattelandse bediening in die Vrystaat en meelewend wees in die wyer gemeenskap.
- Iemand wat begrip het vir die uitdagings wat die landbou hedendaags beleef en die invloed daarvan op lidmate en die totale gemeenskap.
- Moet ook kennis neem dat Petrus Steyn gemeente 'n dolerende gemeente is met al die implikasies daarvan.

VERGOEDING:

Pakket onderhandelbaar, wat 'n ruim pastorie, wat beskikbaar is vir inwoning, insluit.

AANSOEK:

Aansoeker moet vergesel wees van 'n volledige CV wat nie langer as drie bladsye is nie,

- Posadres: Posbus 117, Petrus Steyn 9640
- E-pos: ngpetrussteyn@gmail.com
- Tel/faks: 058 871 3260

Aansoekers moet beskikbaar wees vir 'n moontlike onderhoud en preekbeurt.

SLUITINGSdatum: 15 Oktober 2020.

NAVRAE:

Kontrakleer: Stephen Heyns – 083 231 7556
Leierouderling: Mike Botha – 072 427 7364
Skriba: Danette van der Westhuizen – 079 894 5072

Die kerkraad behou hom die reg voor om geen aanstelling te maak nie.

WORCESTER UNITED CHURCH**VACANCY: MINISTER**

Applications are invited for the appointment of a suitably qualified person as minister of the Worcester United Church (Presbyterian/Congregational).

Applicants must be Holy inspired men/women of God with strong leadership qualities in relation to youth, mission, preaching, teaching, pastoral work and counselling.

Applications giving full details of age, marital status, qualifications, current and previous congregations served and the period of such service (together with the names of at least two references), must please reach the following address before **31 October 2020**.

Secretary Vacancy Committee

Postal address: P O Box 534, Worcester 6849

E-mail: info@unitedchurch.co.za

Tel: 076 199 4145 (Keith Murray) or 074 602 6334 (Marion Rabie).

NG MOEDERGEMEENTE SCHWEIZER-RENEKE**Vakature: TERMYNBEPAALE LERAARSPOS**

Die kerkraad wag in biddende afhanklikheid van die Here aansoek in vir die pos van bedienaar van die Woord vir die NG Moedergemeente Schweizer-Reneke.

Gemeenteprofiel

- Schweizer-Reneke is 'n plattelandse dorp geleë in die Noordwes-provinsie.
- Die NG Moedergemeente bedien 'n groot boerderygemeenskap met 4 plaaswyke en 7 dorpswyke.
- Ons het ongeveer 450 belydende lidmate, 60 dooplidmate en 'n hele aantal lidmate in Silwerjare Tehuis vir Bejaardes.
- Die gemiddelde ouderdom van lidmate is ongeveer 42 jaar.
- Ons is 'n geloofs familie wat deur God geroep is om verhoudingsgerig te leef en so-doende ook 'n verskil te maak in die samelewing en breër gemeenskap.
- Ons fokus in die erediens daarop om die Woord met 'n tradisionele benadering te bedien, maar wel ook met groot ruimte vir jeugbediening en lofprysing.
- Die visie van die gemeente is: "Ons bring die Kruis liefde in beweging".

Leraarsprofiel:

Die volgende vereistes is van besondere belang met die oog op 'n beroep:

- 'n Dinamiese, Woordgetroue leraar/proponent van die NG Kerk.
- Moet 'n passie hê vir sy/haar beroep en 'n gevoelige hart vir alle ouderdomsgroepe.
- Beslis aktief betrokke wees by die jeug asook bejaardes.
- Meelewing met aktiwiteite van die gemeentedele.
- Sigbaar wees binne die gemeente.
- Moet in beide tradisionele en gesinsdienste die Woord verkondig met innoverende denke, maar steeds met respek vir tradisies.
- Moet kan leiding gee en ook bereid wees om deel van 'n bestuurspan te wees.
- Moet maklik kan kommunikeer, buitekerklikes kan identifiseer, hulle laat welkom voel en aanmoedig om deel van die gemeente te wees.
- Gemaklik wees met tuisbesoeke en persoonlike kontak met lidmate.
- Nakoming van alle ampspligte, soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde as riglyn, in samewerking met die ander leraars binne die bedieningsraamwerk van die gemeenskap.

Vergoedingspakket:

- Hierdie pos is vir 'n driejaartermyn.
- Indien dit tot voordeel van die gemeente en leraar strek, en binne die vermoë van die gemeente is, kan die termyn verleng word.
- Die vergoedingspakket is onderhandelbaar met die sinodale skaal as riglyn en ander voordele en riglyne as basis.
- 'n Ruim pastorie is beskikbaar op 'n pragtige kerkterrein.

Aansoek:

- E-pos volledige CV met minstens drie referente na die kerkkantoor: srklipkerk@gmail.com
- Kandidate wat die kortlys haal sal gekontak word. Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud asook die waarneem van 'n preekbeurt (eie tema) in die gemeente. 'n Datum sal verskaf word.
- **Sluitingsdatum:** Al is ons tans in 'n grendeltyd agv. Covid-19, bring ons nou reeds hierdie vakante pos onder die aandag van alle moontlike kandidate.
Die sluitingsdatum vir aansoek is 30 September 2020.
- **Diensaanvaarding:** So spoedig moontlik na opheffing van grendeltyd.

Navrae:

- Doreen Wolvaart (skriba) – 053 963 1461 (8:00-13:00) / 082 553 5334
- Flip Fouché (voorsitter) – 082 570 6322

Die kerkraad behou hom die reg voor om nie 'n beroep uit te bring nie.

Dana op reis

'Ons is in nuwe waters'



Ds Philip Davids van die NG gemeente Philadelphia is al vroeg besig om voorbereidings te tref vir die basaar. Foto: Dana Snyman

skiet Johnny Virtue langs my se hand uit tot op oom Flip se geweer.

Ons kry die kartondoos met ons goed in. In die oopte voor die saal wag 'n ry motors om hulle goed te kom op-laai. Ons almal is gemasker.

Party gesels met 'n man wat jy vrolik agter sy masker hoor lag. Dit is ds Philip Davids, die plaaslike predikant. Ek stap na hom toe. Ons laat sak die maskers vir 'n rukkie.

"Ons is in nuwe waters," sê ds Philip, "maar ons het besluit om deur te druk met ons basaar. Dit bring ons weer 'n bietjie bymekaar." Boonop het hulle 'n mooi bedrag ingesamel.

Hy vertel hoe 'n aanpassing dit is om skielik vir 'n kamera te moet preek sodat dit op YouTube uitgesaai kan word. Hoe leeg jy kan begin voel as jy nie gereelde kontak met ander mense het nie. Hoe 'n gemeenskap van heiliges maklik 'n gemeenskap van eensames kan word.

Ons stap terug bakkie toe. Nêrens staan 'n skaap vasgemaak nie – die prys vir die een wat die skyfskiet wen. Nêrens oom Willie van der Ryst se veilingstem nie: "Twintig-het-ek-hier, twintig-het-ek hier ..." terwyl hy een van oom Toors se selfgevegde swepe opveil.

Op pad terug huis toe haal Erna die sakkie met die gemmerkoekies uit die kartondoos. Iets in 'n mens kan nie help om te wonder nie: Gaan dit soos tannie Hester s'n wees?

Ek neem een. Dit voel reg: 'n Gemmerkoekie moet nie te swaar wees nie. Jy moet byna verras wees oor hoe lig die koekie is. Maar byt jy aan hom, moet dit nie maklik gaan nie. 'n Sawwe gemmerkoekie is 'n teleurstelling.

Hierdie een moet ek meer na my wang se kant toe skuif om hom deurgebyt te kry, soos dit hoort. Hy is beslis tannie Hester se standaard. Jy ruik die gemmer, en hoor die koekie kraak, en buite reën dit weer, harder as vroeër. Nuwe waters.

Ons bestuur jou geld met meer as 150 jaar se gesamentlike kundigheid, ervaring en vaardigheid. Presies soos ons eie.

www.krugerinternasional.co.za 011 726 7700 admin@krugerinternasional.co.za

PRETORIA | MOSSELBAAI | JOHANNESBURG | SOMERSET-WES | PORT ELIZABETH | GEORGE

• esamentlike kundigheid, ervaring en vaardigheid.